# 5. ONDERWYSVOORSIENING VIR DIVERSE KULTUUR= GEMEENSKAPPE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig gegee van die verskillende hoofkultuurgroepe wat die Suid-Afrikaan= se volkeregemeenskap uitmaak. Daar sal veral gelet word op die herkoms en vestiging van die hoofkultuur= groepe. Kontak tussen dié groepe het noodwendig kultuurverskuiwing en kultuurvermenging oor die af= gelope meer as drie eeue tot gevolg gehad. Hierdie agtergrond is van besondere belang vir die bestude= ring van die ontwikkeling van die onderwysstelsel in die RSA.

Vervolgens sal die ontwikkeling van die Suid-Afri= kaanse onderwysstelsel wat saamgestel is uit die substelsels vir Blankes, Swartes, Bruines (Kleurlinge) en Asiate (Indiërs) nagegaan word om vas te stel wat= ter rol kultuurverskille gespeel het in die ontstaan van die vier substelsels in die RSA. Die rol wat die religieuse grondmotief vervul in die totstandko= ming van 'n partikuliere kultuur sal ook bepaal word.

Hierdie hoofstuk sal aantoon dat 'n ewewig tussen kultuurisolasie en -integrasie kan bewerkstellig word onder leiding van die Skrifmatige grondmotief

van skepping, sondeval en verlossing wat die dryf=krag agter Skrifmatige kultuurbeskouings en -beplan=de onderwysstelsels is. Verder sal gepoog word om aan te toon dat dit verder gelei het tot 'n onder=wysstelsel met vier substelsels wat histories gefun=deer is.

Die verworwe en noodsaaklike agtergrondskennis sal saam met die insigte wat in die vorige hoofstukke bekom is, gebruik word om 'n nuwe bedeling van onder=wysvoorsiening wat deur die regering in sy opdrag aan die RGN gestel is, naamlik om aanbevelings vir 'n onderwysvoorsieningsprogram ter bereiking van 'n ge=lyke gehalte onderwys vir elke inwoner ongeag ras, kleur, geloof of geslag te maak (vgl. RGN(1), 1981, p. 14-16).

Reeds in die negentiende eeu het opvoedkundige na=vorsers bewus geword van die verweefdheid van die onderwys met die kulturele, sowel as die sosiale magte en faktore binne 'n gemeenskap. Volgens Stone (1981 b , p. 23-24) het navorsers soos W. Dil=they in Duitsland en M.E. Sadler in Engeland hieraan aandag geskenk, terwyl "P.E. Levasseur (1828-1911), 'n Franse statistikus, ... die belangrikheid van ge=kwalifiseerde data en die ontleding van kulturele magte en faktore binne die onderwys beklemtoon" het (Stone, 1981(b), p. 23).

Die ondersoek na die rol van I.L. Kandel, N. Hans, F. Schneider en hulle geesgenote by die vestiging

van die Vergelykende Opvoedkunde as deelwetenskap van die Opvoedkunde, het Stone (1981(b), p. 41) tot die oortuiging gebring dat: "Vergelykings tussen onderwysstelsels ... meteen ook inter-kulturele vergelykings (is) omdat die onderwys deel van 'n nasionale kultuurwêreld is." Gevolglik sal daar nou vasgestel word watter kultuurgroepe hulle in die RSA bevind en hoe hulle onderskeie onderwysstelsels ontwikkel het en tans daar uitsien.

## 5.2 DIE HERKOMS EN VESTIGING VAN DIE HOOFKULTUUR= GROEPE IN DIE RSA: 'N ALGEMENE OORSIG

### 5.2.1 Inleiding

Die ganse skepping vertoon 'n ryke onderskeidende verskeidenheid, byvoorbeeld plante, diere, bodemge= steldheid en klimaatstoestande. 'n Belangrike deel van die skepping is ook die verskeidenheid van mense= rasse en kultuurgroepe, so bedoel en gewil deur God, die Skepper en Skeidingmaker (Cronje, 1945, p. 10; Du Toit, 1944, p. 7). In die RSA is daar ook op grond van sy historisiteit so 'n verskeidenheid menserasse en kultuurgroepe gevestig.

Met die koms van die Blankes na die suidpunt van Afrika, was daar twee hoof inheemse volksgroepe in die land teenwoordig, naamlik die Hottentotte wat as veetelers die kusgebied vanaf die Oranjerivier in die noordweste tot by die Visrivier in die oostelike deel van die suidpunt van Afrika bewoon het, en die

Boesmans wat 'n jagtersbestaanswyse gevoer het. Die Boesmans het soms jag gemaak op die vee van die Hottentotte; gevolglik het die twee volksgroepe vyandig teenoor mekaar gestaan.

Die Hottentotte het gaandeweg makliker met die Blan=kes, wat veetelers sowel as landbouers was, kontak gemaak en die Blankes later selfs as bondgenote teen die Boesmans beskou. Met die verloop van tyd het die Hottentotte selfs by die Blankes as arbeiders en handlangers in diens getree. As gevolg van die bondgenootskap tussen die Blankes en die Hottentotte en die groter vaardigheid van Blankes om die Boes=mans te straf, moes die Boesmans die wyk neem en dieper die droë dele intrek op soek na wild en veld=kos (Cruse, 1947, p. 33-34).

Weens die agterlikheid van die Boesmans se kultuur as gevolg van hulle geografiese isolasie, het dit nooit 'n faktor geword in die samestellende kultuur van Suid-Afrika nie. Die Hottentotte het grootliks met die Negers wat as slawe van Wes-Afrika ingevoer is, en die inheemse Swartvolke wat suidwaarts getrek het, geassimileer; andersyds, het sommige Hotten=totte met Blankes verbaster, veral met besoekende seelui, om sodoende 'n deel van die Kleurlingbevol=king te vorm.

Daar sal verder in hierdie hoofstuk aangetoon word hoe die Swartvolke met die Blankes in aanraking ge=kom het en die vestiging van die Asiate hier te

lande sal aangedui word (vgl. Barnard, 1981, p. 80-85).

### 5.2.2 Die Westerse georiënteerde Blanke kultuurgroepe

Die Blankes bestaan tans uit twee hoofkultuurgroepe, naamlik die Afrikaner- en die Engelse kultuurgroep, wat afsonderlik bespreek sal word.

#### 5.2.2.1 Die Afrikanerkultuur

Volgens die amptelike jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika is die begrip "Afrikaner" alreeds in die sewentiende eeu gebruik om kinders aan te dui wat van Europese (blanke) ouers in die Kaapse gebied ge=bore is (Muller, Sonnekus en Heyns, 1981, p. 82).

Die begin van die Afrikanerkultuur val saam met die koms van Jan van Riebeeck en sy mense op 6 April 1652. Die stigting van 'n verversingstasie het spoedig geblyk meer as die oorspronklike doelwit te wees.

Kort na hulle aankoms het sommige amptenare begin belangstel om hulle eie grond te besit en vir eie gewin te boer. In 1657 is die eerste groep ampte=nare toegelaat om grond buite die Kompanjiestuine te bewoon en te bewerk. Hierdie amptenare of eerste boere is die Vryburgers genoem. Die vestiging van die eerste Vryburgers was 'n mylpaal in die

geskiedenis van die geboorte van 'n nuwe volk. Dit het inderdaad 'n volksplanting geword (Wiid, 1968, p. 15).

Met die koms van die Franse Hugenote in 1688 is die geledere van die Vryburgers verder versterk. Ge=leidelik het ook ander Wes-Europese blanke groepe hulle aan die Kaap kom vestig, waarvan Duitsers die grootste persentasie uitgemaak het. Die onderskeie kultuurgroepe het ondertrou en akkulturasie het plaasgevind om 'n nuwe volk, naamlik die Afrikaner=volk met 'n nuwe kultuur te vorm. Heese (1974, p. 52) het die volgende berekening gemaak: Volgens die stamouers wat na Suid-Afrika gekom het, het die genetiese samestelling van die Afrikaner teen 1807 soos volg daar uitgesien:

| | |
|---|---|
| Nederlands | 36,8% |
| Duits | 35,0% |
| Frans | 14,6% |
| Nie-blank | 7,2% |
| Ander groepe | 2,9% |
| Onbekend | 3,5% |

Die feit dat die Nederlanders hulle eerste aan die Kaap gevestig het, het aan hulle 'n sosiale voor=sprong bo die ander kultuurgroepe gegee. In die ondertrouing- en akkulturasieproses het hulle dus die belangrikste bydrae ten opsigte van die nuwe kul=tuur gelewer. Dit was opvallend dat die nakomelinge van die ander Europese kultuurgroepe so vinnig by die

Nederlandse deel van die bevolking ingeskakel het (Bosman, 1968, p. 136-137).

Die vernaamste bindingselement van die nuwe kultuur= gemeenskap wat ontwikkel het, was 'n eie taal. Die sewentiende-eeuse Hollands wat deur die eerste neder= setters gepraat was, het verander. Die ander tale, byvoorbeeld Duits, Frans, Maleis en selfs Hottentots het die Hollands beïnvloed, sodat 'n nuwe taal wat later as Afrikaans bekend was, ontstaan het (Bosman, 1968, p. 136-137).

'n Bepalende faktor vir die Afrikanerkultuur is die feit dat die Nederlanders 'n kultuur met 'n Protes= tants-Christelike religieuse grondmotief in Suide= like Afrika oorgeplant het. Die Protestantse Chris= tendom is deur die Franse Hugenote, die Duitsers en later deur die Engelse, veral met die koms van die setlaars in 1820 versterk (Grobbelaar, 1974, p. 36).

Die Afrikaner moet egter besef dat hy tog ook 'n produk van Afrika is. Die kultuurbodem is deel van Afrika en die Afrikaner se kultuur is in 'n groot mate ook deur die Afrikakulture beïnvloed. "Die volkere van wie ons leengoed in ons kultuur opgeneem het, is grotendeels volkere van Afrika: die Boes= mans, Hottentotte en Bantoes" (Grobbelaar, 1974, p. 36-37). Selfs leengoed van Oosterse slawe (Maleiers) het 'n rol gespeel in die kultuurvorming. So het sosaties, bobotie en geelrys nie net deel van egte Afrikaanse kossoorte geword nie, maar ook deel van

die alledaagse woordeskat (Grobbelaar, 1974, p. 37; Bosman, 1968, p. 136-137).

Die vestiging van die Afrikaners was nie tot die Kaap en sy omgewing beperk nie. Hulle het veral na die binneland in 'n ooswaartse rigting beweeg, tot=dat hulle die Swartes by die Visrivier ontmoet het. Later is hulle deur die vestiging van die Britse setlaars en gepaardgaande verengelsingsbeleid ge=dwing om elders hulle vryheid en selfverwesenliking te gaan soek. Die gevolg was die Groot Trek gedu=rende die dertigerjare van die negentiende eeu. Die Voortrekkers het hulle gevestig in die noordelike en noordoostelike dele van die land wat vandag as die Oranje-Vrystaat, Transvaal en Natal bekend is (Wiid, 1968, p. 15-17).

Met hulle arbeid en breinkrag het die Afrikaners 'n bydrae gelewer tot die verspreiding van die Westerse tegnologie in Suider-Afrika en die aanpassing van die Westerse kultuur by die Afrika-omgewing. Die Afrikaanse taal saam met gevestigde godsdienstige oortuigings en toegewydheid aan hulle kerk, het mee=gehelp om die identiteit van die Afrikaner behoue te laat bly (Muller *et al.* 1981, p. 82). Daar kan geponeer word dat die Afrikanerkultuur die enigste nuwe Westerse georiënteerde kultuur is wat in Suide=like Afrika ontstaan en gevestig is.

5.2.2.2 Die Engelse kultuur

Die Britse oorname van die Kaap in 1806 en die angliseringsbeleid wat daarop gevolg het, het die Engelse kultuur geleidelik aan die Kaap gevestig. Dit was egter eers nadat die Kaap in 1814 'n permanente Britse besitting geword het dat die regering meer doelbewus verengelsing nagestrewe het (Visagie, 1970, p. 10-11).

Die koms van die Britse setlaars in 1820 het 'n be=langrike bydrae tot die uitbreiding van die Engelse kultuur gemaak. Tussen 4000 en 5000 Britte uit Engeland, Skotland, Wallis en Ierland is in die distrik Albanië aan die Oosgrens gevestig. Die doel met die setlaars was hoofsaaklik om as bolwerk teen die Swartes (i.c. Xhosas), te dien wat langs die Ooskus suidwaarts verhuis het.

Die veeleisende lewe aan die grens het van die set=laars 'n geharde pioniersvolk gemaak. Die Britte het weens die amptelike angliseringsbeleid hulle kultuurtradisies behou en hulle Christelike gods=dienssin bewaar. Die Britse Ryk was toentertyd ook op die toppunt van sy mag, wat verder bygedra het tot die nasietrots van die setlaars; gevolglik het hulle geen begeerte gehad om by die Afrikasituasie in en aan te pas nie (Muller *et al.* 1981, p. 82). Hulle was egter verantwoordelik vir die oordrag van 'n ryke kultuurerfenis tot die permanente kultuur van hul nuwe vaderland. Die Setlaars het veral 'n

hoë premie geplaas op die opvoeding en onderwys van hulle kinders. 'n Maand nadat hulle hier geland het, is die eerste skool, byvoorbeeld op Salem gebou (Muller *et al.* 1981, p. 82).

Die Engelse taal is in die loop van die negentiende eeu geleidelik die binneland ingedra. Henry F. Fynn het byvoorbeeld in 1825 'n handelspos in Port Natal gestig en sendelinge het onder die inheemse bevolking begin werk. Selfs voor 1795 het Engelse ontdek=kingsreisigers, natuurkundiges en wetenskaplikes wat die Kaap besoek het, gebruik gemaak van woorde uit die plaaslike tale om nuwe dinge wat hulle hier te lande teëgekom het, te benoem. Veranderinge van die Engelse taal het dus ook plaasgevind sodat daar tans verwys word na "South African English". Net soos dit die geval met die taal is, bly die Engelssprekendes steeds wat hulle kultuur betref sover moontlik getrou aan die Britse agtergrond (Muller *et al.* 1981, p. 97-98).

5.2.2.3 Ander Westerse Blanke kulture

Immigrante uit lande soos Frankryk, Duitsland, Portugal, Italië en Griekeland het in 'n groot mate met die Engelse of die Afrikaanse kultuur geassimileer, hoewel daar tog groepe bestaan wat hulle kulturele erfenis bewaar en selfs privaatskole opgerig het. Die groepvorming het egter op so 'n beperkte skaal geskied dat die aangeleentheid nie verdere bespreking regverdig nie (Muller *et al.* p. 82-85).

### 5.2.3 Die Swart Afrikakultuur

Die Blanke volksplanting aan die Kaap was reeds on= geveer 150 jaar oud toe daar vir die eerste keer met die Swartmense (anders as Hottentotte en Boes= mans) in aanraking gekom is. Albei groepe (Swart en Blank) was op trek vanaf die oorsprong na 'n nuwe bestemming.

Die Blankes het vanaf Kaapstad in 'n noordoostelike rigting beweeg op soek na meer grond om te bewerk en weiding vir hulle vee te vind. Die Swartes het weer suidwaarts beweeg. Die geskiedenis bevestig dat die Swartmense nie altyd in die gebiede gewoon het, waar die Voortrekkers hulle aangetref het nie (Cronje, 1945, p. 42; Tiley, 1974, p. 5-8).

Aangesien die Swartes nie oor 'n skrifkultuur beskik het nie, is daar baie min bekend van hulle voorge= skiedenis, verspreiding en vestiging in Suidelike Afrika. Daar word algemeen aanvaar dat die Swartes die produk van die vermenging meer as 2500 jaar ge= lede tussen die Hamiete en die Negers was. Die Swartes is uitgedruk (deur die Hamiete en Negers) en het vanaf die noorde Suidelike Afrika binnegedring (Barnard, 1981, p. 81; Muller *et al.* 1981, p. 74).

Geskiedkundiges verskil oor die huidige etniese pa= troon van die Swartvolke, maar die meeste meen dat vier hoofgroepe by die suidelike migrasie betrokke was, naamlik die Sotho, Nguni, Tsonga (ook Thanga

genoem) en Venda (Vhavenda) (Muller *et al.* 1981, p. 74).

Gesaghebbendes verskil ook oor wie, naamlik die Sotho of Nguni die eerste Swart-immigrante van Suid-Afrika was. Dié wat glo dat die Sotho die eerste immigran= te was, meen hulle het suidwaarts verhuis tot in die huidige Botswana, en van daar in 'n geleidelike oos= waartse na die sentrale en suidelike streke van Trans= vaal tot in dele van die Oranje-Vrystaat en Lesotho beweeg het. Verder word aanvaar dat die Nguni voor die Tsonga na Noord-Natal getrek het. Sekere Nguni-stamme soos die Pondo's, Temboes en Xhosas het hulle in die Transkei en Ciskei gevestig. Die Tsonga het tot Mosambiek en Noord-Natal beperk gebly, terwyl die Sjangaan-Tsonga die Noordoos-Transvaal beset het (Muller *et al.* 1981, p. 74).

Volgens Muller *et al.* (1981, p. 74-75) is die meeste kenners dit eens dat die Venda betreklik laat in Suid-Afrika aangekom het en hulle in die noordelike streke van Suid-Afrika waar hulle vandag nog woon gevestig het.

Daar is ook die teorie van Bryant wat meen dat die Nguni Suid-Afrika eerste bereik het. Volgens Mul= ler *et al.* (1981, p. 75) het Bryant ook sy eie teo= rie gehad oor die ontstaan van die verskillende in= heemse Swartvolke.

Gedurende die negentiende eeu was daar 'n groot=

skaalse verstrooiing van die bevolking in die soge= naamde "mfecane" of "difagane" (Nguni- en Sotho-woorde vir verguising om die begrip *totale oorlog* weer te gee). Die "difagane" het in die noorde van Natal begin as 'n "reeks botsings tussen die Ndwandwe onder kaptein Zwide en die Mthethwa van Dingiswayo" (Muller *et al.* 1981, p. 75). Elkeen het 'n ryk opgebou deur kleiner stamme stelselmatig in te lyf. Dingiswayo is later deur Zwide gevang en doodgemaak. Tsjaka, een van Dingiswayo se krygsmanne, het die opperhoofskap van die Zoeloes oorgeneem en voortgegaan om die buurstamme onder die gesag van die Zoeloes te bring. Uiteindelik het hy ook die Ndwandwe oorwin en so beheer oor 'n verenigde Nguni-ryk verkry. Met die dood van Nandi, Tsjaka se moeder in 1827, het 'n reeks oorloë uitgebreek wat 'n kettingreaksie aan die gang gesit het. Voortvlugtendes het onskuldiges in hulle pad aange= val. Dit het 'n vloedgolf van verhuisings in alle rigtings ontketen (Muller *et al.* 1981, p. 76).

Nuwe volksgroeperinge het ontstaan, soos byvoorbeeld onder Mosjesj wat vlugtende groepe byeengebring het en 'n koninkryk in Lesotho gevestig het. Die pro= ses waardeur die huidige verspreiding van Swartes teweeggebring is, was nie altyd maklik nie en nog minder vreedsaam. Voor die koms van die Blankes was daar onder verskeie Swartvolke botsings op die patroon van die "difagane", hoewel nie altyd en oral op dieselfde skaal nie. Die gevolg was ver= skeie besettings deur Swartes buite en selfs binne

die grense van die RSA soos dit vandag voorkom. "Daarom staan etnoloë uiters skepties teenoor sommige verklarings van die oorsprong van die Swartes van Suid-Afrika" (Muller *et al.* 1981, p. 76). Daar kan volstaan word met 'n uiteensetting van die huidige verspreiding van die verskillende Swartbevolkingsgroepe soos hulle uiteindelik in verskillende kultuur- en taalgroepe byeengekom en in die verskillende streke gevestig is.

Op p. 287 verskyn 'n tabel van Barnard (1981, p. 82) van die hoof Swartbevolkingsgroepe, hulle vernaamste woongebiede, nasionale state en die tale wat hulle praat.

Dit is eweneens moeilik om die kultuur en kulturele ontwikkeling van die Swartvolke te omskryf, omdat daar geen skriftelike bronne beskikbaar is nie. Duvenage (1981, p. 163) bestempel die Swartkultuur as 'n "primitiewe stamkultuur". Ander skrywers sien die Swartkulture tans as "ontwikkelende kulture", waar die aanbidding van voorvaderlike geeste nog 'n belangrike rol speel. Badenhorst (1975, p. 105-106) bevind dat "selfs wanneer hulle (Swartes) na die stede trek, vervaag die begrip van 'n godheid en voorouerverering, maar hulle geloof in die toordokter reguleer nog 'n groot deel van hul lewe (kyk ook par. 5.3). Hier is dus sprake van 'n ontwikkelende kultuur waar die gebruike nog verband hou met 'n besondere konserwatisme om die tradisies te behou. Die ontsluiting van so 'n kultuur stuit by die

Swart volke in die RSA, hulle vernaamste woongebiede, nasionale state en tale

| Bevolkingsgroepe(e) | Vernaamste woongebied(e) | Staat | Taal |
|---|---|---|---|
| Sotho : Noord-Sotho (Pedi) | Noord-, Noordoos- en Sentraal Transvaal | Lebowa | Noord-Sotho |
| Wes-Sotho (Tswana) | Wes- en Noordwes-Trans=vaal en Noord-Kaapland | Bophutha=tswana | Tswana |
| Suid-Sotho (Basotho) | Oos-Vrystaat | QwaQwa | Suid-Sotho |
| Nguni : Zoeloe | Natal | KwaZulu | Zulu |
| Xhosa | Oos-Kaapland | Transkei en Ciskei | Xhosa |
| Swazi | Noordoos-Transvaal | Kangwane | Swati |
| Ndebele | Sentraal en Noordoos Transvaal | KwaNdebele | Suid-Ndebele |
| Venda : Venda | Noord-Transvaal | Venda | Venda |
| Tsonga: Tsonga-Shangaan | Noordoos-Transvaal | Gazankulu | Tsonga/ Shangaan |

betrokke gemeenskap op 'n besondere gebondenheid aan wat voorheen gebruiklik was (Stone, 1981(b), p. 106). Verandering vind selde plaas.

Volgens Duvenage (1981, p. 163) is die primitiewe kultuur 'n "sterk geslote kultuur wat deur isolasie in stand gehou word deur die lewensbeskoulike oor=tuigings wat daarin gestalte gekry het".

Daar word kennis geneem van die feit dat daar reeds kultuurverskuiwing en -vermenging plaasgevind het. Genoemde verskynsels word in paragraaf 5.3 uiteen=gesit.

Weens die geslotenheid en isolasie van die stamkul=ture het hulle 'n byna statiese karakter openbaar. Elke Swartvolk het egter sekere partikuliere varia=sies van die meer algemene aard van die Swartkulture tot stand gebring. Om op die besonderhede van elke volk se kultuur in te gaan, sou 'n omvangryke taak wees en nie 'n wesentlike bydrae tot hierdie navor=sing lewer nie. Dit is wel van belang om enkele algemene kulturele kenmerke van die Swartvolk aan te toon, want mense *doen* verskillend omdat hulle ver=skillend oor sake *dink*. Daarom is dit belangrik om kennis te neem van die verskille tussen die Blanke en Swartdenkwyse. Die volgende kulturele kenmerke gee veral aanleiding tot die statiese instelling by die tradisionele Swartsamelewing:

. *Beperkte kosmiese krag*

Die lewenskrag van 'n persoon is beperk en 'n mens kan slegs meer daarvan bekom deur dit van iemand anders weg te neem, en om te veel krag te hê kan vir die gemeenskap gevaarlik wees. Slegs spesiaal begaafde mense soos toordokters en waarsêers ken die geheim om "hierdie lewens=krag in die vorm van 'medisyne' uit plante, diere en selfs mense te haal" (Van der Walt, B.J. 1982, p. 241).

Volgens so 'n lewensfilosofie sou ambisie geen deug maar eerder 'n ondeug wees. Die mens moet tevrede wees met sy lot (Van der Walt, 1982, p. 241).

. *Klem op senioriteit*

Die hiërargiese sisteem volg die lyn van die voorvaders, hoofman, vader, oudste broer, enso=voorts waarin die vaderfiguur sterk figureer en nie in twyfel getrek of weerspreek mag word nie. 'n Gesentraliseerde, in plaas van gespesiali=seerde politieke gesag is voor die handliggend. So 'n gesagstruktuur is in 'n groot mate dem=pend op ontwikkeling sowel as vernuwing van die bepaalde volk (Van der Walt, 1982, p. 241; Duvenage, 1981, p. 184).

. *Die godsbeskouing*

By die tradisionele Swartman bestaan daar 'n deïstiese godsidee. Die godheid is vêr weg, verborge, afwesig, die mens het daarmee nie kontak of gemeenskap nie, het ook nie 'n ver=antwoordelikheid teenoor sy god nie, en die god bemoei hom ook nie met die mens nie. Daarom is die geloof in die godheid ook nie 'n posi=tiewe stimulus tot aktiwiteit deur die mens nie. Tog is daar by die Swartman "nie 'n skeiding tussen sy geloof en sy alledaagse bestaan soos in die geval van vele Westerlinge nie" (Van der Walt, 1982, p. 242).

. *Die geskiedbeskouing*

By die Swartman bestaan 'n sikliese idee van geskiedenis, nie lineêr soos by die Blanke nie. Soos in die geval van die seisoene van die jaar, sal wat eers was, weer een of ander tyd na vore kom - 'n ewige sikliese gang van alles. "Daar=by speel die toekoms geen rol nie. Die ver=lede en die hede is belangrik" (Duvenage, 1981, p. 184).

. *Tradisiegebondenheid*

Die samehang van die besondere geskiedbeskouing met hul bepaalde siening van tyd (hede-verlede, in plaas van verlede-hede-toekoms, soos by die

Blanke) word die tradisies van die stam be=klemtoon, waar die rol van die voorvaderverering belangrik is. "Waar die Westerling gewoonlik sê: 'Wie die jeug het, het die toekoms', sou die Bantoe (Swartman) dalk sê: 'Wie die voor=vadergeeste se goedgesindheid het, is gelukkig'" (Van der Walt, 1982, p. 243).

. *Onderwaardering van die individu*

Die sosiale gevoel by alle Swartvolke is baie sterk ontwikkel. Die hegte onderlinge band kom oral na vore. "Die mens is mens deur sy medemens", is 'n spreekwoord in verskeie Swart=tale (Van der Walt, 1982, p. 243). Gevolglik word die deugde van inskiklikheid en mededeel=saamheid in ere gehou, veel eerder as eerlik=heid en integriteit (Duvenage, 1981, p. 185). 'n Vrees om teen die groepmening 'n standpunt in te neem, is die direkte gevolg van die onder=waardering van die individu in die groep. Voort=spruitend hieruit is ook die onwil om te veel persoonlike verantwoordelikheid te aanvaar wat 'n hoë mate uniformiteit in die hand werk, soos dit weerspieël word in die enerse wonings van 'n tradisionele Swartstam (Van der Walt, 1982, p. 244).

. *Skriflose kultuur*

Die tradisionele Swartman het geen skryfkuns van

sy eie ontwikkel of bemeester nie. Daar is sterk klem gelê op die mondelinge oordrag van gebruike en gewoontes. Die Swartman het 'n besondere memoriseervermoë ontwikkel, maar dit het ook beperkinge, aangesien die mens net 'n sekere hoeveelheid kennis kan memoriseer. Oor=spronklikheid is dus ontmoedig en die aanvaar=ding van die tradisie is gevolglik in die hand gewerk. Dit was 'n belemmering vir kulturele oopmaking van die Swartkultuur. "Die aanraking met ander kulture het nie deur boeke soseer ge=kom nie, maar deur die radio in die eie volks=taal" (Duvenage, 1981, p. 185; vgl. ook Van der Walt, 1982, p. 244).

. *Magiese ingesteldheid*

Die Swartman besef sy beperkte mag, terwyl die mag van die voorvaderlike geeste en toordokter oorskat word. Van der Walt (1982, p. 244) be=weer "dat die magiese ingesteldheid by die Swartman 'n fatalistiese lewenshouding tot ge=volg het: hy is in 'n groot mate aan magte, waaroor hy geen of weinig beheer het, uitgele=wer". So 'n gebondenheid demp noodwendig enige inisiatief.

. *Konkreet praktiese denkwyse*

Die Blanke, wat deur die wetenskap beïnvloed is, is geneig om in abstrakte spekulasies te verval.

Daarteenoor dink en praat die Swartman in beelde wat hy aan die konkrete werklikheid ontleen. Hierdie konkrete benadering maak sy belangstel= ling vir die wetenskap minder. "Want in die wetenskap word daar met begrippe gewerk" (Duve= nage, 1981, p. 185). Vrae soos byvoorbeeld: "Wat is water? Wat is lug?" val buite die horison van die Swartman (Duvenage, 1981, p. 185). Van der Walt (1982, p. 245) poneer: "Die Bantoe dink in gehele, nie analities nie maar sinteties. Sy denke is sintuatief bepaald en nie abstrak gerig nie." Op die oog af lyk dit nie of sulke trekke skadelik kan wees, in dié sin dat dit dinamiek demp nie. "Tog is dit - by al die mooie wat daarvan gesê kan word - wel die geval" (Van der Walt, 1982, p. 245).

*Topografiese beperkinge*

Die topografie (reliëf) van Afrika, dit wil sê die gebrek aan bevaarbare riviere, die aanwesig= heid van hoë berge, ondeurdringbare woude en onherbergsame woestyne het kontak tussen gemeen= skappe beperk en het veroorsaak dat verskillende Swartvolke meestal in afsondering en isolasie gewoon het. Dit het met geslotenheid en weinig dinamiek gepaard gegaan; gevolglik is die mikrosamelewing van die stam as die ideale same= lewing gesien. Om die rede bring die huidige verstedeliking en oorskakeling van die landelike na die nywerheidswese groot ontwrigting mee (Van

der Walt, 1982, p. 245-246); Duvenage, 1981, p. 186).

Die kontak met die Blankes het 'n beslissende rol in die kulturele ontwikkeling van die Swartmense gespeel. Die kontak met die gevor=derde tegnologie van die Blankes het die Swar=tes uit die Ystertydperk in 'n nuwe orde inge=ruk, wat sowel voordele as nadele vir almal meegebring het (Muller *et al.* 1981, p. 74).*) Verdere bespreking oor die kontak tussen die Blankes en die Swartes volg in paragraaf 5.3.3.

### 5.2.4 Die Kleurlingkultuur

Die Kleurlinge verteenwoordig in hoofsaak twee hoof=kulture, naamlik die wat Westers georiënteerd is of sogenaamde Kaapse Kleurlinge, wat die produk van bloedvermenging tussen Namas (Hottentotte) en Blankes, asook Negerslawe met Blankes was (Barnard, 1981, p. 16). Die tweede groep is Oosters georiënteerd, by=voorbeeld Maleiers en hulle vermenging met genoemde groepe. Die Kleurlinge is dus ('n) bevolkings=groep(e) wat in Suid-Afrika ontstaan het. Hulle was nie immigrante nie, maar is ook nie direkte af=stammelinge van die oorspronklike inheemse volke van Suidelike Afrika nie. Hulle het deur bloedver=

---

*) Die Swartman dink anders as die Blanke, gevolglik leef en doen hy ook anders as die Blanke en 'n andersoortige kul=tuur ontwikkel. Die aanpassing van die Swartman by die Blanke se kultuur en beskawing is 'n moeisame proses en werk in vele opsigte ontwrigtend in op dié van sy eie.

menging hier ontstaan (Cruse, 1947, p. 11-12).

Van der Ross (1979, p. 38-41) gee 'n besonder inte= ressante uiteensetting van die groepe wat vermeng het om die Kleurlinggemeenskap te vorm. Hy stel dit egter onomwonde dat selfs die ses hoof samestel= lende groepe elkeen afsonderlik verskeie etniese of nasionale groepe verteenwoordig het. Van der Ross (1979, p. 38) gee die volgende ses samestellende hoofgroepe:

Blankes, Hottentotte, Slawe, Boesmans, Maleiers en Swartes.

Benewens die Kaapse Kleurlinge is daar nog twee sub= kulture wat by die groep behoort, naamlik die Griek= was en die Kaapse Maleiers. Die Griekwas is hoof= saaklik van Hottentot en Blanke afkoms en het hulle in die noordwestelike en later in die noordoostelike dele van Kaapland gevestig. Hulle het 'n eie kul= tuur ontwikkel en praat 'n vorm van Nederlands-Afri= kaans. Hulle is hoofsaaklik Christene (Muller *et al*. 1981, p. 80).

Die Kaapse Maleiers is 'n mengsel van Indiërs, Singhalese, Chinese, Indonesiërs en Malgasse wat on= danks hulle vroeëre kneqskap en isolasie trou aan die Islamgeloof gebly het. Die Maleiers is veral vaardige vak- en ambagsmanne en betroubare werkers (Muller *et al*. 1981, p. 81).

Die Kaapse Kleurlinge was nog altyd wat hulle geloof betref Christene en deur hul taal (Afrikaans of Engels), en algemene lewenswyse ten nouste aan die Blankes verwant. Hulle kultuur, algemene norme en lewenswyse is Westers georiënteerd (Venter, 1974, p. 1). Botha (1960, p. 57) maak die stelling dat: "die Kleurlinggemeenskap organies deel uitmaak van die 'blanke' volk".

Die Bruinmense is 'n singende volk en is lief vir ritme en musiek. Al die ander kunste word ook deur hulle ywerig beoefen en waardeer. Hulle kunsskep=pinge vertoon onweerlegbare ooreenkoms met dié van die Blankes, omdat hulle uitdrukkingsmedium dieself=de is as dié van die Blankes, byvoorbeeld die taal, die lied en dramatiese voorstelling. Vir die uiting van hul kunsgevoel put die Bruinmense uit Westerse bronne, sowel as dit wat eie is aan die in=heemse Blanke en Bruinmenssamelewings. Ander kul=tuurtake soos ekonomiese organisasie, gemeenskaps=dienste en sportklubs bevestig hulle verwantskap met die Blankes. Die skool speel 'n kardinale rol in die kultuurbedrywighede. Handwerkuitstallings, kunswedstryde, koorkompetisies en verskeidenheids=konserte word oor die hele land deur skole aangebied (Botha, 1960, p. 23-29).

Die meeste Kleurlinge is betrek by die visnywerheid, landbou en diensnywerhede. Hulle raak egter alge=meen geskoold in verskeie ambagte en professies wat toenemend beoefen word (Muller *et al.* 1981, p. 81).

### 5.2.5 Asiate en Oosterse kulture

Onder die groepering word twee hoofgroepe onderskei, naamlik die Indiërs (wat verskeie taalgroepe verteen=woordig) en die Chinese. Soos verder uit die ge=skrif sal blyk, verskil die twee hoofgroepe radikaal ten opsigte van hul kultuurgoedere. Dit is dus noodsaaklik dat hulle afsonderlik bespreek moet word.

#### 5.2.5.1 Die Indiërkultuur

Polmer (soos aangehaal deur Pachai, 1971, p. 1) sê: "The coming of the Indians to Natal was no sponta=neous uncontrolled movement of adventurous indivi=duals seeking a better livelihood than their home country gave them. It was part of an elaborate system organised and controlled by the Governments of Great Britain and India."

Op 16 November 1860 het die eerste Indiërimmigrante=arbeiders in Durban aangekom. Hulle is deur die destydse Britse bewind hierheen gebring om in die suikerplantasies te werk, omdat die Zoeloes nog nie bedrewe in daardie soort werk was nie. Die dissi=pline wat met geroetineerde werk gepaard gegaan het, was ook vir die Zoeloes vreemd en onaanvaarbaar. Daarom kon hulle nie in die suikerplantasies gebruik word nie (Pachai, 1971, p. 3-6).

Die natuurlike gevolg van die koms van die Indiër=arbeiders was die immigrasie van handelaars ("free

passengers"). Die handelaars moes voorsien in speserye en ander eg Indiese goedere. Die hande= laars was hoofsaaklik aanhangers van die Moslemge= loof. Hulle het gelyke regte met die Blankes ge= niet en het hul oral in Suid-Afrika gevestig, behal= we in die Oranje-Vrystaat waar hulle op grond van 'n wetsbepaling nie toegelaat was nie. Die Indiër= arbeiders het sodra hulle kontrak verval het, volle vryheid geniet waarna hulle dan as "free" geklassi= fiseer is (Pachai, 1971, p. 7-9).

Die Suid-Afrikaanse Indiërs is kultureel nie homogeen nie. Die feit bly dat hulle baie kultuur- en rasge= trou is en moeilik met ander kulture assimileer. Die Indiërs word beskou as 'n hardwerkende, produk= tiewe volksgemeenskap en het reeds grootliks ontwik= kel van ongeskoolde tot halfgeskoolde en hoogsgeskool= de arbeiders. 'n Groot persentasie Indiërs het reeds universitêre opleiding ondergaan, gevolglik kon hulle ook die professies betree (Van der Merwe, 1961, p. 51-52).

Die belangrikste godsdienste wat deur die Indiërs aangehang word, is: Hindoeïsme (68%), Islam (20%) en die Christengeloof (10%). Die Hindoeïsme trek hoof= saaklik sy volgelinge uit die Tamil-, Telegu-, Hindi- en Gujareti-sprekende Indiërs. Konserwatie= we Hindoes in Suid-Afrika gebruik die Poeranas as godsdienstige strafmaatreëls in die samelewing. Monu-Sanhito, 'n soort kanonieke boek, is die belang= rikste van die leerstellige boeke. Die Tamil=

sprekendes van Indië het 'n ryk erfenis in godsdiens= tige literatuur wat vry algemeen deur die Tamilspre= kendes in die RSA gebruik word (Muller *et al.* 1981, p. 725-726).

Op enkele uitsonderings na, is die Moslemgemeenskap vroom en welvarend. Hulle is aanhangers van die ortodokse Soeni-sekte van Islam. Die sentrale mos= kee in Durban, die grootste in die Suidelike half= rond, hou vyf dienste per dag. Oor die algemeen is moskees vol op Vrydae en gewyde vakansiedae.

Hoewel daar nog maar min Swartmense tot die Islam oortuig is, word daar tans pogings aangewend om jong Swartes by die Moslemse jeugbewegings te betrek. In Kaapstad is daar al heelwat Bruinmense wat aanhangers van die Islam geword het. Moslems voorsien aansien= like bedrae geld vir liefdadigheid, opvoeding en kul= tuursake en help selfs Swartleerlinge en -studente met beurse (Muller *et al.* 1981, p. 726).

5.2.5.2 Die Chinese kultuur

Die Britse owerheid in Suid-Afrika het in 1904 toege= laat dat die Kamer van Mynwese Chinese invoer om die tekort aan werkers vir die goudmyne te verlig. Teen 1906 was daar alreeds 50 000 Chinese arbeiders aan die Witwatersrand. Die meeste van hulle was anal= fabete uit die provinsie Sjantoeng.

Beter werwing onder die Swartes om as mynwerkers in

diens te tree, het meegebring dat daar in 1908 begin is met die repatriasie van die Chinese. In 1910 het die Regering met generaal L. Botha as Eerste Minister alle Chinese na China teruggestuur.

Tussen 1920 en 1940 het daar vrywillige Chinese immi= grante na Suid-Afrika gekom. Tans is daar ongeveer 8 000 Chinese in die RSA (Van der Merwe, 1961, p. 50; Muller *et al.*, 1981, p. 77-78).

Die meeste van die Suid-Afrikaanse Chinese het hulle voeling met die Boeddhisme verloor en is tans Chris= tene. Hulle is veral lidmate van die Rooms-Kato= lieke en Babtistekerke. Hulle praat die Hakka-taal. Polities verkies hulle die kapitalisme; gevolglik voel hulle meer aangetrokke tot Taiwan as Rooi China (Muller *et al.* 1981, p. 78, 726).

## 5.3 KULTUURVERSKUIWING EN KULTUURVERMENGING

### 5.3.1 Vroeyste kontak tussen inheemse kultuurgroepe

Sedert die vroegste tye was daar in Suid-Afrika kon= tak tussen verskillende inheemse rasse en volkere. Uit die studie van hulle werktuie kan 'n wedersydse beïnvloeding van die groepe afgelei word. Dit word algemeen aanvaar dat die Boesmans die oudste oorle= wende inwoners van Suidelike Afrika is. Wat hulle van hulle voorgangers oorgeneem het, kan nie met sekerheid bepaal word nie. Na die Boesmans het die

Hottentotte gevolg. Die meeste taalkundiges aan= vaar dat die Hottentottaal basies 'n Hamitiese taal is wat sterk deur die taal van die Boesmans beïn= vloed is. Die suigklanke van die Hottentot, waar= van slegs nog die Namataal in Suidwes-Afrika oor is, dui op die Boesmaninvloed (Ziervogel, 1960, p. 39).

### 5.3.2 Kontak tussen inheemse volke na die koms van Jan van Riebeeck

Met die koms en vestiging van Jan van Riebeeck en sy amptenare aan die Kaap, het daar vier verskillende en duidelik afgebakende rassegroepe kontak in Suide= like Afrika gemaak, naamlik Boesmans, Hottentotte, Swartmense en Europeane. Elkeen het oor 'n eie kultuur en taal beskik. Die kontak tussen die ver= skillende rasse het geleidelik toegeneem en blywend van aard geword; gevolglik kon onderlinge beïnvloe= ding gepaard met kultuurvermenging en -verskuiwing nie uitbly nie.

Die Swartes van die oostelike Kaapprovinsie (Xhosas en verwante stamme) het met die oostelike Hottentot= stamme vermeng. Uit oorlewering blyk dit dat die Hottentotte met die Swartes geassimileer het. Die oorname van Hottentotklanke, veral die suigklanke, en woorde in die tale van die Xhosastamme is 'n alge= meen erkende feit. Volgens Ziervogel (1960, p. 40) is historici en taalkundiges van mening dat die suig= klanke in die Ngunitale (byvoorbeeld Xhosa en Zoeloe) reeds in 'n vroeë stadium deur die Swartes van die

Boesmans oorgeneem. Voorbeelde van direkte ontle=ning aan die Boesman- en Hottentottale later in die suide is nietemin genoegsame bewys van hulle invloed op die Swarttale (Muller *et al.* 1981, p. 99; Zier=vogel, 1960, p. 40).

Dit is moeilik om die kulturele invloed van die Hottentotte op die Swartkultuur te bepaal, omdat geen gegewens oor die laasgenoemde voor hulle aanra=king met die Hottentotte beskikbaar is nie. Dat daar egter beïnvloeding was, moet aanvaar word (Ziervogel, 1960, p. 40-41; Muller *et al.* 1981, p. 73-74).

Nadat kontak met die Blankes gemaak is, het die Swartmense na die Blanke stede en dorpe geïmmigreer. Die Swartmense het hulle rondom die Blanke stede en dorpe gevestig, waar hulle eie stedelike gebiede ver=rys het. Die Swartes het na die Blankes gemigreer ter wille van werkgeleenthede en die ekonomiese welvaart wat dit vir hulle (Swartes) gebring het. Eweneens het die Blankes meer en meer van die Swartarbeid ge=bruik gemaak en is hulle (Blankes) daardeur bevoor=deel.

In die Swartstede en -dorpe woon verskillende etniese groepe deurmekaar. Die deurmekaarwonery het in baie gevalle die etniese en stamverbande laat vervaag. Daar word wel deur die landsowerheid, sowel as die plaaslike besture gepoog om die etniese groepe apart te hou "om te voorkom dat al die Bantoerasse

geleidelik ontwikkel tot 'n homogene groep wat taal, aspirasies, ens. betref" (Van der Merwe, 1961, p. 11). Of daarin geslaag gaan word om die etniese groepe apart te hou in sommige stedelike gebiede, veral in die Pretoria-Witwatersrand-Vereenigingse metropolitaanse gebied, is te betwyfel (Van der Mer= we, 1961, p. 12).

Dit is veral taalnivellering wat plaasvind. In die skole word byvoorbeeld die Ngunigroepe (Zoeloes, Xhosas, Ndebeles en Swazies) in een skool geplaas, waar die onderrigmedium dan net Zoeloe is. Die Sothogroepe (Suid-, Noord-Sothos en Tswanas) word gegroepeer en Noord-Sotho as die onderrigmedium ge= bruik. In so 'n situasie kan verwag word dat die skerp verskille tussen kultuurgroepe geleidelik sal verdwyn (Van der Merwe, 1961, p. 13).

### 5.3.3 Kontak tussen Blankes en Swartes

In die Swartkulture is die meeste kultuurbehoeftes binne die gesin bevredig, vanwaar dit dan uitgekring het na die volkstam waar kennis, ervaring en aktiwi= teite gedeel is. Buite die stam was daar min kon= tak toegelaat; gevolglik is hierdie volke vasgevang in 'n uiterse konserwatisme. Die gevolg van die konserwatisme was dat daar vir eeue weinig kultuur= vernuwing en vordering gemaak is. Daar is 'n dem= per geplaas op die akkumulatiewe uitwerking van moontlike ontdekkings en uitvindings. Daar was min geleentheid vir die oorname van nuwe idees en

kultuurgoedere wat tot verruiming van die eie kultuur kon lei. Die gevolg van die kulturele isolasie was dat 'n groot verskeidenheid van kultuurpatrone ontwikkel het - feitlik elke stam het 'n eie kultuurpatroon gehad (Potgieter, 1956, p. 34).

Die eeue-oue Afrika-stamkultuur is sedert die agtiende eeu in aanraking met die Westerse leefwyse van die Blanke. Die natuurlike gevolg van kultuuraanraking is wedersydse beïnvloeding en selektiewe oorname van mekaar se kultuurgoedere. As gevolg van die groot agterstand in die beskawingspeil van die Swartes, kon die Blankes weinig, indien enige kultuurgoedere van hulle oorneem. Die gebeure van akkulturasie het die oorspronklike lewenspatroon van die tradisionele Swartmense grondig aangetas. Die Blankes se beïnvloeding van die Swartes het in 'n groot mate 'n gedwonge en vinnige verloop gehad, weens die Blanke se groot voorsprong veral op tegnologiese gebied (Nel, 1970, p. 5; Potgieter, 1957, p. 12).

Die kultuur van die Blankes word egter nie in alle opsigte deur die Swartes heelhuids oorgeneem nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is dat blommerangskikking nie in die smaak van die Swartmense val nie, terwyl die Blankes se kleredrag algemene byval vind. Kultuurgoedere wat die Swartes by die Blankes oorgeneem het, word gewoonlik by hulle eie lewenstyl, aard en omgewing aangepas. In Swartkerke word graag voete gestamp op die maat van gewyde liedere, terwyl die

betaling van die een of ander vorm van *lobola*[*)] selfs by kerklike huwelike nog 'n rol speel. Die oorspronklike lewenspatroon speel dus steeds 'n rol by die oorname en die aanpassing van die nuwe elemente in die eie omgewing (Potgieter, 1957, p. 37; Nel, 1977, p. 67-69).

Oor die algemeen moet aanvaar word dat die moderne Swartkind deel vorm van 'n Blank georiënteerde Swart gemeenskapslewe waarin daar nie meer dieselfde kulturele eenvormigheid en stabiliteit bestaan as vroeër nie. In teenstelling met die meer geslote wêreld van die tradisionele Swartman en sy groepsgebondenheid, is die Blank georiënteerde persoon iemand met 'n meer objektiewe en individualistiese lewenshouding. Die Blanke wêreld waarin die hedendaagse Swartkind groot word, beklemtoon die individu, die tegnologie, die geldekonomie en die sosiale filosofie van 'n mededingende gemeenskap vir wie tyd van besondere belang is (Vilakazi, 1962, p. 670).

Alle aanduidings is egter daar dat by sekere radikale Swartes herlewing van die eie waardigheid te bespeur is. Volgens Maritz (1977, p. 75) kan die volgende fases in die akkulturasieproses van 'n ontwikkelende gemeenskap onderskei word:

---

*) Vergoeding wat die bruidegom aan die bruid se ouers betaal voor die huwelik. Die vergoeding was gewoonlik in die vorm van diere, veral beeste. Met verstedeliking is kontantgeld aanvaar.

". 'n fase van suspensie en onttrekking;

. 'n fase van verwondering, imitasie en pogings tot assimilasie, en

. 'n fase van nasionale herlewing, herowering van nasionale volwaardigheid en pogings tot herwinning van die etniese persoonlikheid."

Die Swartmense van Suid-Afrika staan iewers op hier= die verhoudingskaal. Hulle is beslis verby die fase van suspensie en onttrekking. Sommige verkeer in die fase van verwondering, imitasie en pogings tot assimilasie. Dit is egter duidelik dat 'n groot deel van die Swartbevolking besig is om die nuwe om= standighede waarin hy hom bevind, te oorwin en 'n nuwe kultuur met 'n ryker taal daaruit te skep. Ziervogel (1960, p. 47) beweer egter dat: "Wat mis= kien die belangrikste is, is dat die Bantoe in alle omstandighede getrou aan homself gebly het. Hier= die getrouheid aan homself het hy grotendeels daar= aan te danke dat hy 'n Bantoetaal bly praat het." Solank die Swartman sy eie taal praat, solank sal hy ook in sy gees homself bly.

Alle aanduidings is daar dat 'n groot deel van die Swartbevolking tot die derde fase ontwikkel het, waar hulle 'n nasionale herlewing en herowering van nasionale volwaardigheid belewe. Te midde van die verwildering onder 'n deel van hulle mense, herwin 'n groot deel van die Swartes hulle selfvertroue en etniese persoonlikheid. Daar is 'n besliste soek na hulle geestelike norme soos dit uit hulle taal

en kultuur spreek. In hierdie proses is hulle be= sig om aan te pas by die nuwe omstandighede (Maritz, 1977, p. 78-79; Ziervogel, 1960, p. 47).

Enkele voorbeelde kan genoem word om aan te toon dat die Swartman homself wil wees en die begeerte het om weg te beweeg van die Blanke navolging. So byvoor= beeld word die benaming *nie-blanke* vervang met *Swarte* wat daarop dui dat hulle weier om langer met die Blanke geïdentifiseer te word. Swartheid word gestel as die normale; inteendeel, die Blankes word nou deur die Swartes beskou as *nie-swartes*. Swart= heid word die simbool wat hulle moet verenig om die geestelike en materiële onderdaanskap aan die Blankes te bestry. By Swartorganisasies word dit die ge= bruik om hulle briewe af te sluit met "Power and Solidarity" of "Your Black Brother" in plaas van die gebruiklike "Yours sincerely" (Maritz, 1977, p. 79).

Die herwinning van die eie persoonlikheid en kultu= rele herlewing by Swartes, impliseer 'n mondigverkla= ring deur die Swartes van die Blankes se kultuur, sonder om afstand te doen van dit wat hulle daaruit oorgeneem het (Ziervogel, 1960, p. 47-48; Maritz, 1977, p. 80-81).

Die wegbeweeg van die Blanke kultuur kan teruggevoer word na die Swart universiteite en die radikales uit die Swart stedelike gebiede. Die universiteite en stedelike gebiede is die plekke waar die akkultura= sieproses die volledigste beleef word, en waar daar

reeds diep in die wêreld van die Blanke kultuur en norme in beweeg is. Die redes vir die weerstand teen, en wegbeweeg van die Blanke word deur Maritz (1977, p. 81) aangedui wanneer hy 'n anonieme Neder=landse geleerde soos volg aanhaal: "Kyk na die (Swart) student waar hy in sy klas sit. Sy skoene, broek, baadjie, die pen in sy hand, die boek voor hom, sy letters in die boek en taal van die boek is alles uit die Blanke kultuur. Uit sy eie kultuur is daar niks wat as waardig genoeg geag word nie. Daarin lê die oorsaak van sy bitterheid en daarom bestaan soveel haat op Swartkampusse. Onthou daar=by dat jy 'n mens kwalik meer kan beledig as om hom in 'n ander kultuur as sy eie te plaas en hom *daarin gelyk te proklameer*, terwyl hy nie, vanweë die ander kultuuragtergrond, daarin *gelyk kán wees nie* (eie kursivering: A.M.H.) en ook nie daarin beoordeel wil word nie" (vgl. ook par. 2.3.5.4.3).

### 5.3.4 Kontak tussen Blankes en Indiërs

Daar kan beweer word dat; nieteenstaande hulle kul=tuurgebondenheid, die Indiërs van Suid-Afrika 'n kultuurverskuiwing ten gunste van die Westerse kultuur ondergaan het. Al hoe meer Indiërs, veral die jong=mense, praat Engels met hulle volksgenote uit 'n ander taalgroep, omdat hulle mekaar se tale nie ver=staan nie, maar almal verstaan Engels, weens die feit dat dit die onderrigmedium in die skole is. Sake=onderhandelinge met Blankes en hulle eie mense nood=saak ook die gebruik van Engels as voertaal. Die

gevolg van die gebruik van Engels as voertaal in die skool, sakeonderneming en onderlinge verkeer, maak dit vir baie jong Indiërs moeilik om hulle moeder=taal te praat (Muller *et al.* 1981, p. 655).

Pogings word egter deur die Indiërs aangewend om kultuurverwildering te voorkom. Om die rede word verskeie Indiërtale as vakke by die Universiteit van Durban-Westville aangebied. Daar bestaan ook taal=verenigings wat die gebruik van die tale sowel as ander kultuurbedrywighede bevorder. Sulke vereni=gings is nodig, want "alhoewel die Indiër tradisio=neel kultuurgebonde is en daarna streef om die eie godsdiens en kultuur te bewaar, is die Indiërgemeen=skap in Suid-Afrika, veral die jongmense, alreeds in 'n groot mate verwesters" (Barnard, 1981, p. 85).

5.3.5 Gevolgtrekking

Vir diegene (ontwikkelende volke) wat voortdurend in aanraking gekom het met die Blanke (Westerse) kultuur en beskawing, is dit moeilik om weer daarsonder klaar te kom. Die probleem van sulke ontwikkelende volke is nie hoe hulle na hulle primitiewe verlede kan teruggaan nie, maar hoe hulle die ontwrigting van hulle eie kultuur weens die aanraking met die beska=wing op die beste wyse kan oorbrug en heraanpas.

Die aanvaarding van nuwe waardes en norme beteken stellig nie die prysgawe van die volkseie nie. 'n Voorwaarde is dan dat daardie volkseie nie vereen=

selwig word met instellings en gebruike wat in die moderne wêreld uitgedien is nie. Die handhawing van uitgediende gebruike sal dekadensie/stagnasie beteken. Die Afrikaner kan nie weer teruggaan na die dae van die ossewa en vetkers met die verwagting om voort te bestaan nie.

Alhoewel die Swartmense so baie kultuurgoedere van die Blankes oorgeneem het, het hulle tog nie alles heelhuids oorgeneem nie. Die Swartman stel nie daarin belang om die Westerse politieke stelsel oor te neem en dan daarvolgens te regeer nie. Pelser (1968, p. 84) stel dit so: "Die oorgrote meerder=heid Bantoe het nog geheg gebly aan die tradisionele gesagsowerhede. Selfs waar sekere liberaalgesinde instansies beweer dat die stamstelsel geheel en al verval het, leef dit nog hardnekkig voort. Juis hierin, asook in die feit dat die tradisionele politieke organisasie aanpasbaar is by moderne omstan=dighede, lê die regverdiging vir die erkenning en uitbouing van Bantoeowerhede."

Die ontwikkeling van die Swarttale as onderrigmediums en selfs as akademiese tale, sal sekerlik bydra tot die selfrespek van die Swartmense. Dit sal baie frustrasie op skool en universiteit voorkom en uit=skakel. Taalontwikkeling is ook van kardinale be=lang vir die gesonde ontwikkeling van die Swartkul=ture.

## 5.4 DIE ONTWIKKELING VAN KULTURELE DIFFERENSIASIE IN DIE ONDERWYSVOORSIENING IN DIE RSA

### 5.4.1 Inleiding

Met die koms van Jan van Riebeeck aan die Kaap in 1652, het hy gebid dat die Christelike geloof inslag sal vind by die inheemse (heidense) bevolking. Van Riebeeck self en die sieketrooster Wijlant het ver= skeie pogings aangewend om die Strandloperhotten= totte tot die Christelike geloof te bekeer en om hulle te leer lees en skrywe. Dit was 'n moeilike taak, want die Hottentotte was, volgens die woorde van Wijlant: "'n arm en ellendig volk, onkundig van alle kennis van God" (Behr, 1975, p. 403).

Die belangstelling van Van Riebeeck en sy amptenare in die opvoeding en evangelisering van die inheemse bevolking het voortgevloei uit die beginsel van uni= versele onderwys wat gespruit het uit die Hervorming. Volgens dié beginsel moes elke Protestant dit sy plig beskou om aan elke kind 'n godsdienstige opvoeding te gee.

In die oktrooi van die Nederlandse Oos-Indiese Kom= panje is die verpligting neergelê dat die Christelike geloof onder die heidene aan die Kaap verkondig sal word (Behr, 1975, p. 404). In die gees van die evangeliseringsopdrag is die eerste openbare skool op 17 April 1658 in Kaapstad vir slawe geopen. Die doel van die skool was om aan die slawe die Neder=

landse taal te leer en die Christelike godsdiens aan hulle tuis te bring. Hulle moes ook leer lees, skryf en reken, veral met die oog op bekering tot die Christelike geloof. Die eerste onderwyser was Pieter van der Stoel, die sieketrooster en opvolger van Wijlant (Barnard, 1979, p. 4).

Ten spyte van die feit dat slawe met 'n sopie bran= dewyn en tabak aangemoedig is om te leer, het die onderwys nie gevlot nie en die slawe het gedros. Van der Stoel het egter volhard en teen sy vertrek in 1663 was daar benewens die Swart slawe selfs 'n paar Hottentotkinders in die skool (Visagie, 1970, p. 2; Du Toit, 1970, p. 3).

Die skooltjie vir slawe was die beskeie begin van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel wat tans uit vier substelsels, naamlik dié vir Blankes, Swartes, Kleurlinge en Indiërs bestaan. Aanvanklik is alle kultuurgroepe in dieselfde skole toegelaat, maar spoedig het die ervaring geleer dat integrasie op skoolvlak nie in belang van die opvoeding en onder= wys is nie en dat dit wenslik is om kulturele diffe= rensiasie (differensiasie op volksvlak) toe te pas.

Die Blankes het die formele onderwys aan die Kaap gevestig; gevolglik word in die verdere behandeling eerstens aandag aan die ontwikkeling van Blanke onderwys geskenk. Dan volg die onderwys van die Swartes wat die oudste formele onderwys (beginnende by die Slaweskool), met 'n eie onderwysdepartement

wat in 1954 tot stand gekom het (par. 5.4.3) behels. Daarna volg die substelsel vir Kleurlingonderwys wat in 1964 'n eie departement gekry het (par. 5.4.4) en laastens die substelsel met die jongste onderwysde= partement, naamlik dié vir Indiërs wat gedurende 1966 beslag gekry het (par. 5.4.5).

5.4.2 Die ontstaan en ontwikkeling van die suponderwysstelsel vir Blankes

5.4.1 Die vestigingsjare aan die Kaap

W.B. Wijlant, die sieketrooster, het onmiddellik na die koms van Van Riebeeck aan die Kaap met godsdiens= onderwys aan die Blanke kinders begin. Formele onderwys vir Blanke kinders het vir elf jaar agter= weë gebly.

Daar was reeds in die Kaap teen 1655 gesinne met skoolgaande kinders. Die versuim om onderwys aan die Blankes te voorsien, was dus nie weens 'n gebrek aan kinders nie, maar eerder aan faktore, "soos die kapitalistiese of materialistiese politiek van die bewindhebbers en 'n blykbare onverskilligheid van die kant van die inwoners aan die Kaap omtrent kul= turele belange" (Du Toit, 1970, p. 1).

Die Politieke Raad het in 1663 besluit om 'n skool op te rig waarin ook Blanke kinders toegelaat sou word. Die skool het begin met 12 Blanke kinders, 4 slawekin= ders (Swartes) en 1 Hottentotkind, en teen "April

1664 was daar alreeds 29 kinders - ook van gemengde herkoms - in die skool" (Barnard, 1979, p. 4).

Volgens Visagie (1970, p. 3, 5) het die kerklike owerhede vanaf 1665 tot 1714 beheer uitgeoefen oor die onderwys in die openbare skole. Geen kontrole is uitgeoefen oor privaatskole nie. Enige persoon kon in die privaatskole onderwys gee. Hulle was egter hoofsaaklik vir Blankes bedoel.

. Die eerste pogings om kulturele differensiasie in die onderwys te bewerkstellig.

In 1676 is die eerste beweging op tou gesit om dif= ferensiasie op grond van ras en kleur in die onder= wys te bewerkstellig. Van kerklike kant is die wenslikheid en noodsaaklikheid daarvan besef. Die hoofrede wat vir vertikale differensiasie aangevoer is, was die *geestelike peil* van die blankes wat heel= wat hoër was as dié van die slawe. Die slawe-element het gevolglik die vordering van die Blanke kinders in die volksgeïntegreerde skool gestrem. Die Kerkraad van Kaapstad het die Politieke Raad formeel versoek om skeiding te bewerkstellig. Die beginsel van skeiding is aanvaar, maar in die prak= tyk is die beginsel nie ten volle uitgevoer nie. Op grond van prestasie is die beste kinders in die Blanke skole opgeneem.

'n Skool, uitsluitlik bedoel vir slawekinders onder twaalfjarige ouderdom is gebou. Kommissaris Van

Rheede tot Drakenstein het in sy reglement van 1685 bepaal dat geen Blanke kinders in dié skool toegelaat mag word nie. Verder het Van Rheede tot Drakenstein bepaal dat geen slawekinders in die skool vir Blankes opgeneem mag word nie. Laasgenoemde bepaling is egter nie konsekwent toegepas nie (Du Toit, 1970, p. 3-4); gevolglik het kulturele vermenging in skole steeds voorgekom.

Benewens die onderwys aan Blankes het die onderwys van die slawekinders sowel as dié van die Hottentotte - met die oog daarop om laasgenoemde te beskaaf - voortdurend die aandag van die owerheid geniet. Daar was ook steeds slawekinders in die Blanke skole. In 1779 is gevind dat in die 8 openbare skole met 'n totaal van 696 leerlinge, 82 slawekinders was (Du Toit, 1970, p. 20-21).

. Privaatonderwys

Blanke ouers wat dit toentertyd kon bekostig, het onderwysers gehuur om aan hulle kinders in hulle eie huise onderwys te gee. Soms is daar saamgewerk en aan meer kinders gesamentlik onderwys verskaf. Op so 'n wyse is verseker dat die onderwys eksklusief kultuurgebonde was. Geen beheer of kontrole is oor hierdie skole uitgeoefen nie (Du Toit, 1970, p. 27).

. Onderwys in die buitedistrikte

Op die afgeleë boereplase en voorposte was die

onderwysvoorsiening gebrekkig. Private Blanke huisonderwysers het die plase van tyd tot tyd besoek en gewoonlik 'n paar maande tot 'n jaar gebly en onderwys aan daardie kinders gegee. Daarna is na 'n volgende plaas verhuis. Die meeste van die onderwys is deur die ouers self behartig. Die onderwys was hoofsaaklik gerig op die lees van Die Bybel met die oog op die aflegging van die geloofs=belydenis (Pells, 1970, p. 16-18). Hierdie onder=wys was uitsluitlik bedoel vir Blanke kinders.

5.4.2.2 Onderwys aan die Kaap tydens die Bataafse periode 1803-1806

Met die teruggawe van die Kaap aan die Bataafse Re=publiek op 21 Februarie 1803, is J.W. Janssens as goewerneur en J.A. de Mist as kommissaris aangestel.

Nadat albei reise deur die binneland onderneem het, het De Mist sy Skoolorder opgestel wat as ordonnan=sie op 11 September goedgekeur is. Twee nuwe denk=rigtings het in die Skoolorder na vore gekom, naam=lik dat:

- die staat primêr daarvoor verantwoordelik is om die volksonderwys te reël, en
- die onderwys van kerklike beheer losgemaak moet word.

Hierdie twee bepalings was rewolusionêre denkbeelde, aangesien dit De Mist se onderwysstelsel laat neer=

kom het op 'n stelsel van sekulêre onderwys. Barnard (1979, p. 17) meen: "De Mist se Skoolorder het hom een van die belangrikste onderwyshervormers in die Suid-Afrikaanse Onderwysgeskiedenis gemaak."

De Mist se Skoolorder het geen spesiale voorsiening vir onderwys aan nie-blankes gemaak nie. Maar open=bare skole was steeds toeganklik vir alle bevolkings=groepe (Du Toit, 1970, p. 41).

5.4.2.3 Onderwysvoorsiening aan Blankes in die Kaapkolonie 1806 - 1892

Die tweede Engelse besetting van die Kaapkolonie het aanvanklik nie veel verandering ten opsigte van die onderwys meegebring nie. Toestande in Europa was destyds nog te vloeibaar vir drastiese veranderinge in die Kaapkolonie. Anglisering is nie dadelik af=gedwing nie, alhoewel die bevordering van die Engelse taal aangemoedig is (Barnard, 1979, p. 22; Du Toit, 1970, p. 42).

Met die koms van Lord Charles Somerset as goewerneur in 1814 was daar nie meer twyfel dat die Kaap in Engelse hande sou bly nie. Doelbewuste verengelsing het algemene onderwysbeleid geword. Op 5 Julie 1814 het Lord Charles Somerset Engels as die enigste offisiële taal van die Kolonie geproklameer. Dié proklamasie het die skole sowel as die kerke ernstig geraak, want die inwoners en veral die kinders was nog geensins Engels magtig nie.

Die verengelsingsproses het die stigting van privaat=skole vir die Hollandssprekendes bevorder, want die bevolking het nie genoeë geneem met so 'n diepgaande ingryping in hulle kulturele uitlewing nie. In die privaatskole vir Blankes is die Hollandse taal en kultuur nog gehandhaaf (Van Wyk, 1947, p. 47-51; Barnard, 1979, p. 24-26). Hierdie stap het dus ook die eerste kulturele differensiasie in die onderwys tussen die Hollandse (Afrikaanse) en die Engelse kultuur in die hand gewerk.

Gedurende die eerste periode van Engelse bewind (1806-1838) is daar geen kulturele of kleurskeidslyn in die openbare skole gehandhaaf nie. "Trouens, die Bybel- en Skoolkommissies het deur middel van die *Kaapsche Stads Courant* by herhaling die aandag van die publiek daarop gevestig dat die vry skole vir kinders van alle klasse bedoel was" (Visagie, 1970, p. 17). Die regering was beslis gekant teen enige onderskeid, ten opsigte van ras of kleur (kul=tuur) vir die toelating tot die staatskole.

'n Regeringsverslag van 1840 het die feit dat Blanke en nie-blanke leerlinge saam skoolgaan, bestempel as een van die belangrikste redes vir die *lae standaard* van die onderwys (Visagie, 1970, p. 17). Die *ver=skil in geestelike en kulturele* peil tussen die leer=linge uit verskillende kulturele milieus het veral die onderwysmetode en kurrikulum beïnvloed.

In 1839 het 'n volwaardige Departement van Onderwys

in Kaapland tot stand gekom met J. Rose-Innes as die eerste Superintendent-generaal van Onderwys. Hy het steeds die beleid gehandhaaf dat alle staatskole vir almal, ongeag ras of kleur, toeganklik moes wees (Volksgeïntegreerde skole). Daar is origens selfs verwag dat sendingskole wat staatsubsidie ontvang het, oop moes wees vir almal. Weens 'n gebrek aan geld kon nie-blanke leerlinge, op enkele uitsonde= rings na, nie die staats- en derdeklasskole (plaas= skole) bywoon nie (Van Wyk, 1947, p. 75-77).

Die beginsel van gelykstelling van Blanke en nie-blanke leerlinge het verset by die Hollandssprekende bevolking uitgelok. Maar met die verloop van tyd is skeiding so verwerklik dat die staats- en derde= klasskole vir alle praktiese doeleindes slegs vir Blankes toeganklik was, terwyl die nie-blankes deur die sendingskole van onderwys voorsien is (Visagie, 1970, p. 27).

. Negering van die Kaaps-Hollandse kultuurmilieu

Sedert die begin van die negentiende eeu het alle Kaapse goewerneurs hulle daadwerklik beywer vir die bevordering van die Engelse taal en kultuur in die skole. Die Kaaps-Hollandse taal en kultuur is ge= ring geag tot groot verleentheid van die Hollands-sprekende deel van die bevolking.

Die beheer oor regeringstoelaes in belang van die

onderwys het verseker dat so 'n beheer op skole ver= kry is; daardeur kon die goewerneur sy wil deur= voer. Die begeertes en vertoë van plaaslike onder= wysbesture is doodgewoon genegeer.

5.4.2.4 Kulturele differensiasie in die stelsel van onderwysvoorsiening in die Kaap= kolonie vanaf 1892 tot 1910

Aangesien die sendingskole gratis onderwys aan nie-blanke leerlinge verskaf het, het armblanke kinders ook die sendingskole besoek en kultuurvermenging het plaasgevind.

In 1905 is die "School Board Act" (Wet 35 van 1905) op die Wetboek geplaas. Kragtens hierdie wet is aan skoolrade die reg verleen om die skoolbywoning van kinders tussen 7 en 14 jaar verpligtend te maak. Die Skoolraadswet van 1905 het verder bepaal dat daar voorsiening gemaak moet word vir afsonder= like skole vir Blankes (Visagie, 1970, p. 113). Hiermee is 'n besondere mylpaal in die geskiedenis van onderwysvoorsiening in die Kaapkolonie bereik, en is kultuurgedifferensieerde onderwys die eerste keer ook wetlik bepaal.

Vir die Afrikaanssprekende leerlinge was die taal en kultuurstryd egter nie gewonne nie. Engels was steeds die voertaal vir almal in die skole. Afri= kaans was nie 'n erkende spreektaal nie en nog min= der 'n voertaal vir onderwys. Die gevolg hiervan

was dat die Afrikaanssprekende leerlinge in 'n vreemde taal en kultuur onderwys ontvang het. Die ontwikkeling van 'n eie Christelik-nasionale onder=wysstelsel is in die kiem gesmoor. Trouens, daar was geen stadium in die geskiedenis van die onderwys wat die onderwysstelsel 'n spontane produk van die volksgeaardheid en breinkrag van die "nuwe Afrikaner=volk" en sy mense was nie. Die onderwysstelsel is hoofsaaklik oorgeneem van oorsee "met Engeland as die leeue-aandeelhouer" (Van Wyk, 1947, p. 200-201). Dit het leemtes in die onderwys gelaat, want vreemde onderwysstelsels of dele daarvan kan nie "in die eie nasionale stelsel oorgeplant en verwag word dat dit moet gedy" nie (Barnard, 1981, p. 8). Sir Michael Sadler het reeds in 1900 gesê: "In studying foreign systems of education we should not forget that the things outside the schools matter even more than the things inside the schools, and govern and interpret the things inside" (soos aangehaal deur Barnard, 1981, p. 8).

Dit was noodsaaklik om die ontwikkeling van die on=derwysvoorsiening in die Kaapprovinsie stelselmatig tot Uniewording in 1910 te volg. Die ervaring, ten opsigte van die rol van kultuur in die onderwys wat in die Kaapprovinsie opgedoen is, het in 'n groot mate die rigting en beleid wat deur Voortrekkers in die republieke van Transvaal, Oranje-Vrystaat en Natal gevolg is bepaal. Met Uniewording in 1910 is daar ook verder uit hierdie ervaring geput om die onderwysvoorsiening in die Unie van Suid-Afrika en

die latere RSA te reël.

5.4.2.5 Onderwysvoorsiening aan Blankes in Natal, Transvaal en Oranje-Vrystaat tot 1910

5.4.2.5.1 Inleiding

Die ervaring wat in die Kaapkolonie en veral aan die oostelike grens met die Swartmense opgedoen is, het aan die Voortrekkers 'n bepaalde siening oor die onderwys en integrasie op volksvlak in die algemeen laat ontwikkel. Hierdie siening het hulle na Natal, Transvaal en die Oranje-Vrystaat oorgeplant en in die onderwys van toepassing gemaak (Barnard, 1979, p. 31).

Die beleid van gelykskakeling tussen Blank en nie-blank wat die Engelse bewind in die Kaapkolonie gevolg het, was vir die Voortrekkers "strijdig met de wetten van God't natuurlijk onderscheid van afkomst en geloof" (soos anoniem aangehaal deur Behr, 1975, p. 437). Dit is duidelik dat die siening van die Voortrekkers dié van differensiasie of kultuurskeiding was. Blank en Swart se religieuse grondmotiewe en kulture was te uiteenlopend om met welslae in dieselfde skool, opvoeding en onderwys te ontvang.

Die Voortrekkers het die verspreiding van die evangelie onder die nie-blankes bevorder, hulle selfstandigheid en menswaardigheid erken en gerespekteer. Gevolglik het die Voortrekkers eerbare vredesverdrae

gesluit met die inheemse stamme met wie hulle in aanraking gekom het. Behr (1980, p. 437) som die beleid wat die Voortrekkers teenoor die Swartmense toegepas het soos volg op: "Deur 'n beleid van apartheid en erkenning van die Naturel se regte, is gepoog om die voortbestaan van Blank en Nieblank (sic.) te beveilig."

Die beleid van afsonderlikheid is deurgaans gehand= haaf, ook op die gebied van onderwysvoorsiening is kultuurdifferensiasie toegepas. Tydens die Trek en die latere nedersettings in die drie nuwe republieke, was die Voortrekkerkind op sy moeder aangewese om te leer lees en skryf. Enkele Blanke boereskoolmees= ters het sommige van die trekgeselskappe vergesel en gesorg vir die nodigste onderwys (Barnard, 1979, p. 31-32).

5.4.2.5.2 Onderwysvoorsiening aan Blankes in Natal tot 1910

Nog voordat die Voortrekkers van staatsweë aan onder= wysvoorsiening kon aandag gee, het die Engelse Natal in 1843 geannekseer (Port Natal het reeds in Junie 1842 onder Britse militêre bewind gekom) (Behr, 1975, p. 222, 225).

Na die Engelse oorname is daar geleidelik aandag ge= gee aan die onderwys. In hierdie tyd is Swartkin= ders ook tot openbare skole toegelaat. In 1857 was daar in die Verulamskool, byvoorbeeld 29 Blanke

kinders en 13 Swartkinders.

Die owerhede het egter besef dat die Swartkinders in die gemengde skole aanpassingsprobleme het. Gevolg= lik is in 1882 besluit dat: "Government schools and aided schools are open to all classes of the commu= nity. Coloured children must, however, conform in all respects to European habits and customs" (Behr en MacMillan, 1966, p. 334).

Die gevolg was dat al hoe minder Swartleerlinge die staatskole besoek het. Die skole het dus Blanke skole geword. In 1884 is 'n stelsel van staatsbe= heerde Swartskole tot stand gebring (Behr en Mac= Millan, 1966, p. 334). Daar het dus histories ge= leidelik en spontaan kultuurskeiding in die onderwys plaasgevind.

Die angliseringsproses van die Blanke skole het stel= selmatig voortgegaan, en regeringshulp aan skole is sedert 1861 verminder, tensy hulle onderneem het om ook Engels te onderrig (Behr, 1975, p. 233). Rege= ringskole was almal Engelsmediumskole.

In Natal, net soos in die Kaapkolonie, het die Engel= se bewind die kultuur en taal van die Afrikaansspre= kende in die onderwysvoorsiening geïgnoreer. Behr (1975, p. 227) het die stryd om erkenning van die Afrikaners deur die Engelse owerheid versigtig soos volg gestel: "Van nou af sou die wisselwerking tus= sen die lewensfilosofie van die Boer aan die een

kant en die Brit aan die ander kant 'n bepalende faktor in die geskiedenis van die Natalse onderwys bly."

5.4.2.5.3 Onderwysvoorsiening aan Blankes in Transvaal tot 1910

Gedurende die beginjare van Blanke vestiging in Transvaal het die onderwysvoorsiening sukkelend ver= loop. Daar is egter deurgaans op grond van kultuur= differensiasie aan Blankes afsonderlik onderwys voor= sien (Coetzee, 1975, p. 281-289).

S.J. du Toit het in 1882 Superintendent van Onderwys (S.O.) in Transvaal geword. Hy het hom beywer vir 'n soort onderwys in Transvaal wat eie is aan die Boerevolk. Sy hoofbeginsels vir die onderwys het gevolglik die eis van suiwer Christelik-nasionale onderwys (CNO) ingesluit.

N. Mansvelt het Du Toit in 1891 as Superintendent opgevolg. Hy het "voortgebou op die algemene begin= sels van CNO soos neergelê deur Du Toit" (Coetzee, 1975, p. 293). Steeds is kultuurdifferensiasie as deel van die CNO-beginsel gehandhaaf.

Die regering het die beginsel van kultuurdifferen= siasie in die onderwys streng toegepas. Die gevolg was dat toe daar in 1896 ontdek is dat die Perseve= rance-privaatskool, wat regeringstoelae ontvang het, ook nie-blanke leerlinge toegelaat het, die toelae

gestaak is (Behr en MacMillan, 1966, p. 337).

Vanaf 1902 het die voormalige "Zuid-Afrikaansche Republiek" 'n kolonie van Brittanje geword. Die onderwys is deur Britse onderwysadministrateurs ge=reël. Engels is as voertaal in die skole ingevoer. "Die praktiese uitvloeisel hiervan was die stigting van CNO-skole tot in die verste uithoeke van Trans=vaal" (Barnard, 1979, p. 109). Die gevolg was dat daar in Transvaal Engelse privaatskole, CNO-privaat=skole en staatskole bestaan het, sowel as sending=skole vir nie-blankes.

Die beginsel van eie skole vir elke bevolkingsgroep is gehandhaaf. Volgens Behr (1975, p. 444) is daar reeds onder Britse bewind "die beginsel van apartheid op onderwysgebied aanvaar, want ... sir Alfred Milner (het) 'n versoek van 'n Asiaat, dr. M.A. Pereira, om sy kinders na 'n Blanke skool te stuur, van die hand gewys".

Die posisie van die Afrikanerkind is selfs deur Wet 25 van 1907 (Smuts-onderwyswet) nadelig getref. Die Wet het onder andere bepaal dat waar Engels nie as moedertaal gebruik is nie, dit geleidelik as onder=wysmedium ingevoer moes word, sodat Engels as voer=taal gebruik kon word vanaf die derde standerd. Artikel 31 van die Smuts-wet bepaal dat: "Geen leer=ling in een openbare school sal van enige standaard overgaan tot een hogere standaard tenzij hij *inter alia* zulk een kennis van de engelse taal heeft

verkregen als rederlikerwijze van hem verwacht kon worden en bevredigende vorderingen in de kennis van die taal maakt"*) (TOD, 1971, p. 19).

Die algemene kritiek teen Smuts was dat hy die kul= turele reg van die Afrikaner geminag het. Weens sy eie opleiding in Brits georiënteerde inrigtings, het hy hoë waarde geheg aan die Britse kultuur en "koel teenoor die Afrikaanse eiendomlike gestaan" (Snyman, 1951, p. 266). A.C. Cilliers het volgens Snyman (1951, p. 266) gewaarsku dat die Smuts-ideologie en -ideaal onteenseglik en onvermydelik sou lei tot die uitdelging van die Afrikaner. Tydens die loodsing van die onderwyswet het Smuts die hewigste kritiek van sy eie party (Afrikaners) ontvang en nie van die opposisie (Engelse) nie (Snyman, 1951, p. 266). Die Afrikaners moet vir hulle optrede krediet gegee word, want kinders kan nie doeltreffend van opvoedende onderwys deur 'n vreemde taal en kultuur voorsien word nie.

Artikel 29 van die Smuts-onderwyswet bepaal dat: "Geen Kleurlingkind of Kleurling zal toegelaten wor= den of veroorloofd worden" (TOD, 1917, p. 18) om 'n lid te wees en te bly van 'n Blanke skool nie. Die Wet het geen verskil tussen die onderskeie nie-blanke groepe gemaak nie, maar "it has been the practice in the past to distinguish between native and coloured pupils, and to deal with them on two completely

---

*) Let op die spelling van *de* en *die* in die aanhaling.

different systems" (Behr en MacMillan, 1966, p. 339).

5.4.2.5.4 Onderwysvoorsiening aan Blankes in die Oranje-Vrystaat tot 1910

In die pioniersjare was die onderwys hier te lande aan die kinders die verantwoordelikheid van die ouers. Geen owerheid kon iets aan die onderwys doen nie, want die staat het net nie oor die fondse beskik nie. Slegs enkele ouers was in die bevoor=regte posisie om van 'n onderwyser se hulp gebruik te maak. Die onderwys was gevolglik daarop inge=stel om die kind te leer om die Bybel te lees, te skryf en rekene te doen. Die hoofdoel was die suk=sesvolle aflegging van geloofsbelydenis om belydende lidmaatskap van die kerk te kon kry (Van Schoor, 1975, p. 135-138).

Geleidelik het die posisie verbeter en alhoewel fondse beperk was, het onderwysvoorsiening van ower=heidsweë aandag geniet. President J.H. Brand het die vaste oortuiging uitgespreek dat die Republiek alleen tot volle ontplooiing sou kom, indien die onderwysstelsel ten volle ontwikkel word. Daar is nooit gepoog om 'n onderwysstelsel van buite af in te voer nie, "maar ... konsekwent daarna gestreef ... om, veral wat die bestuur van die onderwys be=tref, 'n eie stelsel uit te bou" (Van Schoor, 1975, p. 144-145). Behr (1980, p. 17) het beweer dat: "What had taken centuries to effect in England,came about in the little Republic of the Orange Free State,

so to speak overnight."

'n Bron van kommer vir die owerhede was die sterk in= vloed van Engels in die onderwys. Ten spyte van die feit dat Hollands die amptelike landstaal was, het Engels, vanweë sy bevoorregte posisie as handels- en wêreldtaal, 'n houvas in die groter dorpe en selfs in die hoofstad, Bloemfontein, verkry.

J. Brebner, die eerste inspekteur van onderwys, het toegelaat dat Engels ten koste van Hollands in die skole gebruik is. Hy was nie 'n voorstander van die gedagte dat die skool aangewend moet word om die volksgevoelens en "eiendomlike kultuurbesit van die Hollands-Afrikaanssprekende kind ... te bevorder en te versterk nie" (Van Schoor, 1975, p. 151).

Die ouers was egter steeds besiel met die CNO-ideaal, en hulle het hulle algaande teen Brebner se neutrale denkrigting begin verset. Die CNO-ideaal het nooit volledig tot sy reg in die Vrystaatse skoolwese ge= kom nie. Kultuurgemengde (rasgemengde) onderwys is nooit toegelaat nie (Van Schoor, 1975, p. 152-160).

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) en die Britse besetting wat daarop gevolg het, is met die hulp van Engelse onderwysers gepoog om die kin= ders te verengels. Protes is deur bemiddeling van die kerk aangeteken en verskeie CNO-skole is gestig. Gedurende 1905 is ooreengekom om die CNO-skole weer met regeringskole te amalgameer (Van Schoor, 1975,

p. 162-169).

Die Vrystaat het in 1907 verantwoordelike regering gekry. Generaal J.B.M. Hertzog het as Minister van Onderwys en Justisie gesorg dat Hollands en Engels op gelyke vlak as onderwysmedium geplaas is. In elke geval moes die tweede taal aangeleer word. Die Engelse (veral nuwe immigrante) het heftig beswaar gemaak teen die nuwe reëling, omdat hulle nie die Hollandse taal wou aanleer nie (Behr, 1980, p. 19-20).

### 5.4.2.6 Kultuurdifferensiasie in die onderwys=voorsiening aan Blankes na Uniewording in 1910

Op 31 Mei 1910 het die vier Britse kolonies in Suid-Afrika, naamlik die Kaap-, Transvaal-, Natal- en die kolonie van die Oranje-Vrystaat verenig om die Unie van Suid-Afrika (Unie) te vorm.

Die ervaring, ten opsigte van die onderwys wat oor 'n tydperk van meer as tweehonderd jaar in die Kaap=kolonie en later in die ander drie kolonies opgedoen is, en die feit dat daar met Uniewording reeds kultuurgedifferensieerde onderwys bestaan het, het in die onderwyswetgewing van die Unie verdere beslag gekry. Elke provinsie moes sy eie onderwysreëlings in ooreenstemming met die Suid-Afrika-Wet bring (Coetzee, 1975, p. 307).

Artikel 85(iii) van die Unie van Suid-Afrika-Wet, 1909 (Suid-Afrika-Wet) het bepaal dat die provinsiale owerhede die onderwys (behalwe hoër onderwys) vir minstens vyf jaar sou behartig. Daardie funksie is tot 1967 aan die provinsies toevertrou (Barnard, 1981, p. 86, 93; Behr, 1980, p. 21). Die provin= sies moes aanvanklik ook die verantwoordelikheid dra vir die onderwys van die Swartes tot 1954, Kleurlinge tot 1963 en die Indiërs tot 1965. Vir al vier die hoofgroepe is sover moontlik afsonderlik onderwys voorsien. Daar is eie skole vir elke bevolkings= groep voorsien (Behr, 1980, p. 162-165; Barnard, 1981, p. 88, 90, 91).

In hierdie paragraaf word verder aandag aan die on= derwysvoorsiening aan Blankes gegee. Paragrawe 5.4.3, 5.4.4 en 5.4.5 word gewy aan die onderwys= voorsiening van die Swartes, Kleurlinge en Indiërs.

Volgens artikel 137 van die Suid-Afrika-Wet is Hol= lands (Afrikaans) en Engels op 'n gelyke voet as offisiële tale van die Unie geplaas. Dienooreen= komstig moes elkeen van die provinsies voorsiening maak in hulle onderwysvoorsiening. Afrikaans- sowel as Engelssprekendes se kultuur moes dus erken word (Coetzee, 1975, p. 306-307).

Die deurvoering van onderwys deur medium van die moedertaal het verder gelei dat al hoe meer versoeke om aparte skole vir Afrikaans- en Engelssprekendes ingestel moes word. Veral Afrikaanssprekendes het

die behoefte van eie skole sterk aangevoel. Die Nicol-onderwyskommissie (Transvaal 1939) het 'n min= derheidsverslag uitgebring waarin vir aparte skole vir die onderskeie taalgroepe gevra is. Hulle voer aan dat: "when the two language groups were together in the school, one culture would be swamped by the other" (Behr, 1980, p. 26).

Die beginsel van afsonderlike skole vir die twee Blanke hoofkultuurgroepe het amptelike regerings= beleid geword na die bewindsaanvaarding deur die Nasionale Party in 1948. Kultuurdifferensiasie vir die Blanke bevolkingsgroepe het dus onderwysbeleid geword binne die Blanke substelsel van onderwysvoor= siening (Van Schoor, 1975, p. 194; Behr, 1980, p. 26).

'n Kenmerk van die Blanke onderwys in Suid-Afrika is die feit dat die Afrikaanse kerke en kultuurorgani= sasies besondere belangstelling getoon het vir die opvoeding en onderwys. Die ideaal van Christelik-nasionale onderwys word steeds gepropageer. 'n Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys (IKKO) is in 1953 in die lewe geroep. Die IKKO het veral klem gelê op die verkryging van 'n nasionale onderwysbeleid vir Blankes wat Christelik gefundeer moet wees, maar ook die eiendomlike van elke kultuur= groep sal bewaar en uitbou. Die IKKO het in 1969 selfs 'n Volkskongres in Pretoria gereël met die tema: "'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys" (Raath, 1970, p. 5).

Die verdeelde onderwysbeheer wat sedert Uniewording bestaan het, het ten opsigte van die interpretasie van terme en pligte probleme geskep. Die onderwys=stelsel het baie kritiek ontvang, onder andere ook van die IKKO wat by die regering gepleit het om 'n *nasionale onderwysbeleid* (Raath, 1970, p. 5-6). Barnard (1979, p. 132) meen: "Hierdie onhoudbare toestand het gelei tot duplisering, oorvleueling en geldverkwisting."

Verskeie kommissies is sedert 1917 aangestel om ondersoek na die onderwysbeheer in Suid-Afrika in te stel. Die kommissies het sonder uitsondering aan=beveel dat 'n nasionale onderwysbeleid vir Blankes opgestel moes word (Barnard, 1979, p. 132-134; Raath, 1970, p. 6). In 1962 is 'n Nasionale Advi=serende Onderwysraad (NAOR) deur die Parlement inge=stel. 'n Belangrike resultaat van die NAOR was dat op 22 Maart 1967 die *Wet op die Nasionale Onderwys=beleid, 1967* (Wet 39 van 1967) in die Parlement ter tafel gelê is. Die gevolg van hierdie Wet was dat die Minister van Nasionale Opvoeding vir die eerste keer sedert Uniewording by wyse van wetgewing beheer oor alle vorms van onderwys vir Blankes in die land verkry het - "beslis 'n stap in die regte rigting" (Barnard, 1979, p. 140; vgl. ook Raath, 1970, p. 6).

*Wet 39 van 1967* handhaaf kultuurdifferensiasie in die onderwys ooreenkomstig die historiese fundering van die onderwys in die RSA. Wet 39 van 1967 bepaal uitdruklik dat dit gaan om "die verskaffing van

onderwys aan blankes" en om "die opleiding van blanke persone as onderwysers te reël" (RSA, 1967, p. 242).

*Wet 39 van 1967* bevat sekere beginseluitgangspunte wat vir die Blanke hoofkultuurgroepe van belang is, naamlik dat:

- die onderwys 'n Christelike karakter moet hê, maar dat die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge eerbiedig moet word wat gods=diensonderrig en godsdienstige plegtighede be=tref;

- die onderwys 'n breë nasionale karakter moet dra; en

- die onderwysmedium die moedertaal (Afrikaans of Engels) moet wees (RSA, 1967, p. 948).

Hierdie bepalings lê die grondslag vir kultuurdif=ferensiasie in die onderwysvoorsiening aan Blanke Afrikaans- en - Engelssprekende leerlinge. Dit is egter so dat die twee Blanke kultuurgroepe nie die Wet dieselfde vertolk het nie, want die begrippe Christelik en nasionaal beteken nie vir die Afrikaans- en Engelssprekende presies dieselfde nie. Die groepe het ook weens die verskillende kulturele agtergronde nie dieselfde lojaliteit teenoor die be=grippe nie. Dit kan toegeskryf word aan die hetero=gene skoolbevolking van die meeste Engelsmediumskole

omdat die inrigtings in 'n groot mate die immigrante=kinders moet huisves. Dit is die rede waarom af=sonderlike skole vir Afrikaans- en Engelssprekendes noodsaaklik vir volle verwesenliking van elk se eiendomlike geword het.

Om verder voorsiening vir partikuliere onderwysvoor=siening te maak, byvoorbeeld vir die Rooms-Katolie=ke, word die bestaan en stigting van Blanke privaat=skole steeds erken en toegelaat. Sedert die sewen=tigerjare word privaatskole toegelaat om in uitson=derlike gevalle en op meriete kinders van ander volksgroepe (kultuurgroepe) ook in te skryf (Muller *et al.* 1981, p. 623).

Vervolgens sal die substelsels vir onderwysvoorsiening aan die Swartes, Kleurlinge en Indiërs behandel word.

### 5.4.3 Die ontwikkeling van die onderwys vir Swartes

#### 5.4.3.1 Onderwysvoorsiening aan Swartes voor die totstandkoming van sendingskole

Die inheemse bevolking, naamlik Hottentotte en Boes=mans wat Jan van Riebeeck in die Kaap aangetref het, het geen formele onderwys geken of onderwysstelsel van hulle eie gehad nie. Selfs die Swartmense wat later aan die oosgrens en in die binneland ontmoet is, het eweneens geen onderwys, anders as die stam=skole (inisiasieskole) geken nie. Daar was dus

geen sprake van georganiseerde onderwys om die Swartkind te leer lees, skryf en reken nie.

Die inisiatief om georganiseerde skoolonderwys aan die inheemse volke te voorsien, het grotendeels van die Blankes uitgegaan. Jan van Riebeeck en die sieketrooster W.B. Wijlant was die eerste Blankes wat op informele wyse begin het om die Hottentotte te leer om die Hollandse taal te praat, te lees en te skryf. Hulle het ook godsdiensonderrig met die oog op die aanname van die Christelike geloof gegee (Cruse, 1947, p. 76-77).

Die eerste - vir enkele jare die enigste skool in Suid-Afrika - is op 14 April 1658 slegs vir slawe (Swartes uit Angola) geopen (Cruse, 1947, p. 82; vgl. ook par. 5.4.1). Van der Stael, die eerste onder=wyser se taak was nie maklik nie. Onderwyser en slaaf kon nie kommunikeer nie omdat die taalverskil te groot was. Die godsdienstige begrippe wat hy by die slawe probeer tuisbring het, was vir hulle vreemd. Die kulture was dus vir mekaar totaal vreemd. Daarby het die slawe ook veronreg gevoel, omdat hulle vry=heid ontneem is. Dit was dus geen wonder dat hulle gedros het nie (Du Toit, 1970, p. 3).

In 1658 het ook Guinese slawe in die Kaap aangekom en is in diê skool opgeneem, sodat teen 1661 die leerlinge geen homogene groep meer was nie. Die taal en kultuur wat in die skool aangebied is, was vir alle leerlinge ewe vreemd. Die gevolg was dat

die leerlinge uiters swak gevorder het (Cruse, 1947, p. 86).

Die eerste voorstelle tot kultuurskeiding (slawe en Blankes) in die skool het reeds in 1676 plaasgevind (Du Toit, 1970, p. 3-4). Kommissaris H.A. van Rheede tot Drakenstein se segregasiebeleid was nie op velkleur gebaseer nie. Hy wou die slawe van die ontwikkelde Blankes skei (kultuurskeiding). Omdat die Hottentotte nie slawe was nie, was daar onseker= heid oor die behandeling wat hulle moes ontvang.

Gemengde huwelike het voorgekom en die kinders wat uit daardie huwelike gebore is, is in die Blanke skole opgeneem, omdat hulle vaders Blankes was, die kinders Hollands geken het en dus maklik kon aanpas in die Blanke skole (Cruse, 1947, p. 96-97).

#### 5.4.3.2 Ontwikkeling van sendingskole

In alle openbare skole moes die ouers skoolgeld be= taal. Die owerheid het wel 'n belangrike bydrae in die vorm van finansiële subsidie gelewer. Die be= langrikste tekortkoming van dié stelsel was die feit dat die staat nie die inisiatief geneem het vir die stigting van nuwe skole nie. Onderwysvoorsiening en skoolbywoning was 'n vrywillige saak. Die ge= volg daarvan was dat die stelsel hoofsaaklik diegene gehelp het wat inisiatief geneem het en hulle self kon help. En "juis diegene wat weens nalatigheid of onvermoë die meeste hulp nodig gehad het eenvoudig

aan hulle lot oorgelaat het" (Du Toit, 1970, p. 76).

As gevolg van bogenoemde reëling kon die Swartmense en armblankes nie bekostig om hulle kinders na die openbare skole te stuur nie. Die sendinggenoot=skappe, byvoorbeeld die Morawiese (1792), die Londen=se (1799) en die Suid-Afrikaanse sendinggenootskap (1799) (Du Toit, 1975, p. 40) het oorgegaan tot die stigting van skole, waar die kinders van Swartmense gratis kon skoolgaan. Dit was veral in die agtien=de en negentiende eeue dat die opvoedingswerk van die sendinggenootskappe 'n besondere opbloei getoon het (Behr, 1975, p. 409-427).

Die hoofdoel met die sendingskole was om die Swart=kinders te leer lees en skryf met die oog op gods=diensonderrig, en om hulle uit die heidendom tot die Christelike geloof te bekeer. Die leerinhoud was Europees van oorsprong en totaal vreemd aan die in=heemse bevolking en hulle kultuur. Die persentasie sukses in die skole was gevolglik baie laag (Behr, 1975, p. 410-411, 435; vgl. ook Cruse, 1947, p. 289-290).

Teen die einde van die negentiende eeu was die onder=wysvoorsiening vir Swartmense egter nog steeds onbe=vredigend, want "Africans were not always favourably disposed to the system of education offered them by White men, because this system tended to weaken and efface tribal bonds and customs; the influence of Christian teaching was slow in penetrating to the

masses" (Behr, 1980, p. 160).

Die diepgaande verskille tussen die Blanke en Swart=kulture het onderwysvoorsiening bemoeilik. Die onderwysverskaffers het ook nie daadwerklik gepoog om die onderwyskurrikulums by die Swartkulture aan te pas nie. Gevolglik het die onderwys nie werklik inslag gevind by die Swartes nie, want dit was "al=together too bookish and unpractical" (Behr, 1980, p. 160).

Net soos in Kaapland is die onderwysvoorsiening aan Swartes in Transvaal, Natal en die Oranje-Vrystaat eweneens deur die sendinggenootskappe onderneem. Die patroon wat reeds in die Kaapprovinsie gevestig was, is nagevolg. Aanpassings vir plaaslike omstan=dighede is wel aangebring.

Die onderwysvoorsiening aan Swartes deur die sending=genootskappe en kerke het selfs na Uniewording voort=bestaan. Subsidiëring deur die provinsiale owerhede aan die sendingskole het uitgebrei. Daar is egter ook geleidelik provinsiale skole vir die Swartes ge=stig (Muller *et al.* 1981, p. 639). Die beleid was die natuurlike uitbouing van onderwys aan Swartes op 'n basis van 'n eie stelsel, los van dié van die an=der bevolkingsgroepe. Die beheer van Swartonderwys was in die hande van die kerke, asook in dié van die provinsiale owerhede tot 1954 (Muller *et al.* 1981, p. 639).

### 5.4.3.3 Die oorname van Swartonderwys deur die Sentrale Regering

Gedurende 1949 is 'n kommissie van ondersoek na Swartonderwys benoem onder voorsitterskap van W.W.M. Eiselen (Eiselen-kommissie). Die opdrag aan die kommissie was om planne te ontwerp en op te stel vir die voorsiening van "education for natives as an independent race, in which their past and present, their inherent racial qualities, their distinctive characteristics and aptitude, and their needs under ever-changing social conditions" (Behr, 1980, p. 165).

Dit was die eerste daadwerklike poging om deur die onderwys reg te laat geskied aan die eiesoortigheid en eie kultuur van die Swartmense.

Die Eiselen-kommissie se verslag het in 1951 verskyn. Dit het gelei tot die Wet op Bantoe-onderwys van 1953 wat deur die Parlement aanvaar is (Muller *et al.* 1981, p. 639).

Nadat die Wet geproklameer is, het die destydse Departement van Naturellesake in 1954 tot stand gekom. Die meeste sendingskole is deur die afdeling "Bantoe-onderwys" van die nuut gestigte Departement van Naturellesake oorgeneem en Swartonderwys het in Suid-Afrika 'n staatsonderneming geword. Die Rooms-Katolieke kerk het egter beheer oor sy skole behou (Muller *et al.* 1981, p. 639).

In 1958 het 'n selfstandige Departement van Bantoe-onderwys tot stand gekom met sy hoofkwartier in Pre=toria. Aan die begin van 1978 is die Departement van Bantoe-onderwys verander tot die Departement van Onderwys en Opleiding, met 'n eie Minister (Blanke) wat aan die hoof van die departement staan.
Die Wet op Onderwys en Opleiding 1979 (nr. 90 van 1979) het op 1 Januarie 1980 in werking getree. Hierdie wet vervang die wet van 1953 en maak voorsie=ning vir die invoering van skoolplig en gratis onder=wys, sowel as die ander onderwysdienste (Behr, 1980, p. 328-329).

In die skole onder beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding is die voertaal so ver as moontlik in die eerste ses jaar (tot en met standerd 4) een van die volgende tale: Xhosa, Zoeloe, Swati, Tswana, Noord-Sotho, Suid-Sotho, Tsonga of Venda. Dit is volwaardig erkende moedertale. Elk van die tale het 'n eie literatuur, grammatikaboeke en hand=boeke. Na die eerste ses jaar mag die onderrigme=dium na Afrikaans òf Engels, òf albei verander word. Die meeste skole verkies Engels. Sedert 1981 mag skole reeds vanaf standerd 3 na 'n ander taal oor=skakel. Die taal wat nie as onderwysmedium gebruik word nie, moet net twee periodes per week onderrig word. Nie-eksamenvakke, naamlik Sang en Musiek, Godsdiensonderrig en Liggaamlike Opvoeding moet egter sover as moontlik deur die moedertaal onderrig word (Barnard, 1981, p. 129-130). Die meeste Swartes verkies Engels, omdat dit 'n wêreldtaal, en die

handel- en nywerheidstaal is.*)

Die sillabus vir die onderwysprogram van Swartes be= staan uit die kernsillabusse wat interdepartementeel vir al die bevolkingsgroepe saamgestel is. Vir sekondêre onderwys moet die kurrikulum voldoen aan die vereistes, soos neergelê deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (Muller *et al.* 1981, p. 641-642; Behr, 1980, p. 176). Genoemde vereistes is meer Blank georiënteerd as wat dit Swart georiënteerd is; gevolglik voldoen die kurrikulum nie volledig aan die kultuurvereistes van die Swartmense nie. Vol= gens Gordon (1981, p. 463) het E. Mphahlele van die Universiteit van die Witwatersrand by geleentheid die Swart subonderwysstelsel bevraagteken omdat dit nie rekening hou met die leefwêreld (kultuur) van die Swartkind nie. Hy het daarop gewys dat die onderwys wat die Swartkinders ontvang vir hulle "about the world the child returns to after school" niks sê nie. Mphahlele het voortgegaan en die stel= ling gemaak dat: "The white education system was not the answer for blacks" (Gordon, 1981, p. 463).

Afgevaardigdes na 'n konferensie van die "South African Institute of Race Relations" het in 1980

---

*) Dit dien vermeld te word dat die Werkkomitee: Tale en Taalonderrig van die RGN-ondersoek na die onderwys, die belangrikheid van die moedertaal as oordragmedium van kultuur erken, en aanbeveel dat diegene wat 'n "inheemse taal van Suid-Afrika praat, ook oor die reg moet beskik om hul moedertaal as medium van onderrig te ontwikkel en te gebruik" (RGN(18), 1981, p. 48).

uitsprake gelewer wat ooreenstem met dié van Mphahlele, en die huidige substelsel vir Swartonder=wys gekritiseer as te "Eurocentred", terwyl Suid-Afrika 'n Afrikaland is. "They argued that the country's pressing needs were typical of those of a developing state and the education system should be designed to cope with these problems" (Gordon, 1981, p. 463).

W. Kgware (1977, p. 17), die gewese Rektor van die Universiteit van die Noorde, se standpunt oor kul=tuurintegrasie was: "Integrasie van Swart en Wit in 'n eenvormige skoolstelsel in Suid-Afrika sal 'n mis=daad teenoor die Swartes wees."

Hy baseer sy stelling hoofsaaklik op die feit dat die twee groepe se tradisies, geskiedenis, taal, uit=kyk, ensovoorts te uiteenlopend en nie dieselfde is nie.

Bogenoemde uitsprake ondersteun dus onregstreeks maar ongetwyfeld die behoefte aan die beginsel van kultuur en selfs etnies gedifferensieerde onderwys, soos dit deur wetgewing vasgelê is.

### 5.4.4 Die ontwikkeling van die substelsel vir Kleurlingonderwys

#### 5.4.4.1 Kleurlingonderwys voor 1910

Dit is nie moontlik om 'n presiese datum vir die aan=vang van onderwys aan die Kleurlinge aan te dui nie. Eerstens, omdat daar nie 'n datum of aanwysbare sta=dium bestaan waar bewustelik van die Kleurlinge as 'n aparte volk gepraat is nie. Tweedens, omdat daar in die skole ook vir meer as twee honderd jaar in 'n meerdere of mindere mate altyd Blankes sowel as Kleurlinge opgeneem is (openbare sowel as sending=skole). "Algehele apartheid het in daardie tyd nog nie bestaan nie" (Behr, 1975, p. 435. Verwysende na die periode tot 1905 in die Kaapprovinsie). Ge=skiedskrywers maak gerieflikheidshalwe telkens ge=bruik van die term *nie-blankes* wat dan verwys na almal wat nie Blankes is nie (vgl. bv. Behr, 1975, p. 433; Cruse, 1947, p. 292). Selfs in 1908 het Sir John Adamson, Direkteur van Onderwys in Transvaal, nog gesê: "Though the Act of 1907 recognizes no differences among non-White children, it has been the practice in the past to distinguish between native and Coloured pupils, and to deal with them on two completely different systems" (soos aangehaal deur Behr, 1980, p. 207).

Oor die algemeen was die kerk (sendinggenootskappe) verantwoordelik vir die grootste deel van die onder=wysvoorsiening aan Kleurlinge, net soos dit die

geval met die Swartes was.

Die voorsiening van onderwys aan die Kleurlinge was ten nouste verweef met dié van die Blankes en die Swartes. Die eerste werklik aanwysbare differensiasie en georganiseerde aparte voorsiening van die kant van die owerhede aan Kleurlinge het geskied na Uniewording.

### 5.4.4.2 Onderwysvoorsiening aan Kleurlinge sedert 1910

Vanaf 1910 tot 1963 was die provinsies vir Kleurlingonderwys verantwoordelik. Daar is aan die Kleurlinge eie skole voorsien. In enkele gevalle, veral in Transvaal en die Kaapprovinsie het dit gebeur dat Kleurlinge en Indiërs, weens gebrek aan getalle van die een of ander groep, saam in een skool opgeneem is. Sodra dit egter prakties moontlik was, is vir elke groep 'n eie skool opgerig, *gewoonlik op die versoek* (Behr, 1980, p. 162-165, 238). Kultuurdifferensiasie in die onderwys was dus 'n algemene begeerte en aanvaarde beleid.

Na 'n deeglike ondersoek deur die Regering is die verantwoordelikheid vir onderwysvoorsiening aan Kleurlinge in 1964 oorgedra na die destydse Departement van Kleurlingsake, tans die Departement van Kleurlingbetrekkinge.

Met die totstandkoming van die verteenwoordigende

Kleurlingraad (VKR) ooreenkomstig die Wet op die Kleurlingverteenwoordigende Raad (Wet 52 van 1968), het die VKR beheer oor hulle eie onderwys oorgeneem (Muller *et al.* 1981, p. 648; Behr, 1980, p. 205-209). Daarmee is ook voldoen aan die kultuurver=eiste van eie beheer oor eie onderwys. Die VKR is in 1980 ontbind en die verantwoordelikheid vir onder=wysvoorsiening aan Kleurlinge weer onder beheer van die Departement van Binnelandse Aangeleenthede oorgeplaas (Behr, 1980, p. 342).

Tans is die Direkteur van Kleurlingonderwys, 'n Kleurling, naamlik A.J. Arendse, wat 'n stap in die regte rigting is.

Die moedertaal (Afrikaans of Engels) word as onder=wysmedium gebruik. Die sillabusse is dieselfde as vir Blankes. Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad kontroleer die standaard op Matriekvlak soos vir al die ander bevolkingsgroepe (Du Toit, 1977, p. 27; Muller *et al.* 1981, p. 650).

Alhoewel die kurrikulums nog nie spesifiek by die Kleurlingkultuur aangepas is nie, skep die huidige reëling vir die meeste Kleurlinge nie baie probleme nie, omdat hulle oor die algemeen Westers georiën=teerd is. Vir die Oosters georiënteerde Maleiers (vgl. par. 5.2.4) sou 'n kultureelaangepaste kurri=kulum van groter waarde gewees het.

### 5.4.5 Die ontwikkeling van 'n substelsel vir Indiëronderwys

Die eerste Indiërs het in 1860 in Durban aangekom (vgl. par. 5.2.5.1). Hulle getalle het toegeneem. Die behoefte aan onderwys vir die Indiërkinders is spoedig aangevoel. Die eerste vier skooltjies vir Indiërs in Suid-Afrika (in die omgewing van Durban) is in 1869 geopen en onderwys is in Engels aangebied. In 1878 is 'n "Indian Immigrant School Board" gestig, wat die reg om staatskole te stig, verkry het. Verder is geldelike toelaes deur die owerheid aan die skole betaal (Behr, 1980, p. 233).

Die eerste pionieronderwyser in Indiërgeledere, Henry Nundoo, het in 1886 in Natal aangekom en in 1904 was daar in Suid-Afrika (behalwe in die Oranje-Vrystaat waar Indiërs nie mag woon nie) reeds 'n groot groep onderwysers wat aan die Indiërkinders volgens hulle eie kultuur onderwys kon verskaf (Pachai, 1971, p. 10-11; Van der Merwe, 1961, p. 50).

Weens 'n tekort aan fondse het 'n klein persentasie kinders (baie min dogters) onderwys ontvang. Daar was ook 'n tekort aan onderwysers omdat in Suid-Afrika geen Indiëronderwysers opgelei is nie. Toe die Inspekteur van Skole by geleentheid voorge=stel het dat Swartonderwysers in diens geneem moes word, het die "Indian Immigrant School Board" geweier (Behr, 1980, p. 233-234). Hierdeur het die

Indiërs uiting gegee aan die begeerte dat kinders deur hulle eie kultuurgenote onderwys moet ontvang.

Die Indiërs het van meet af aan verkies om weens die godsdienstige, taal- en kultuurverskille skole van hulle eie op te rig. Hulle was nie bereid om met die Blankes of Swartes te assimileer nie (Behr en Mc Millan, 1966, p. 335).

Die onderwysvoorsiening aan die Indiërs is saam met alle ander groepe, met Uniewording na die provinsiale besture oorgedra. Indiërskole is opgerig, behalwe waar dit weens beperkte getalle nie prakties moont=lik was nie. In sulke gevalle is Indiërs en Kleur=linge saamgegroepeer (vgl. par. 5.4.4.2).

Kragtens die Wet op die Onderwys vir Indiërs (nr. 61 van 1965) is Indiëronderwys na die Departement van Indiërbetrekkinge soos volg oorgedra:

- vanaf die Natalse Onderwysdepartement in 1966;
- vanaf die Transvaalse Onderwysdepartement in 1967 en
- vanaf die Kaaplandse Onderwysdepartement in 1970 - hier het die Indiërs meestal nog saam met die Kleurlinge skoolgegaan (Behr, 1980, p. 239).

In 1980 is die verantwoordelikheid vir Indiëronder=wys oorgeplaas na die Departement van Binnelandse Aangeleenthede (Behr, 1980, p. 347).

Alhoewel die Indiërs kultuurgebonde is, skep die ver=skeidenheid moedertale (taalgroep waarin die kind ge=bore is) kommunikasieprobleme vir die onderwys.
Vir die meeste Indiërs het Engels 'n huistaal geword uit hoofde van die feit dat dit die taal is wat hul=le oorheersend gebruik (RGN(18), 1981, p. 43). Ge=volglik het Engels die onderwysmedium geword.
Engels word daagliks in die werk en die maatskaplike lewe as kommunikasiemedium gebruik. Dit het daar=toe gelei dat Engels in 'n toenemende mate in hulle huise gebruik word en selfs by godsdienstige en kul=turele bedrywighede word Engels as gemeenskaplike taal gebruik (RGN(18), 1981, p. 43; vgl. ook par. 5.3).

## 5.5 RELIGIEUSE GRONDMOTIEF, DIE ONTSTAAN VAN 'N VOLKSKULTUUR EN DIE ONTWIKKELING VAN KULTURELE DIFFERENSIASIE

Die *grondmotief* kan gesien word "as die geestelike wortel van die gemeenskapslewe wat die uitinge ... van die gemeenskap bepaal" (Van Schalkwyk, 1981, p. 217).

Ten grondslag van die grondmotief lê die *religie* (vgl. par. 1.7.10) as aanvaarde lewensbeginsel wat totalitêr op die *hart* (vgl. par. 2.3.2) van die mens en gemeenskap beslag lê. Die gevolg is dat daar verwys word na die *religieuse grondmotief* wat die stukrag is "agter die doen en late van mense, volke=re en kultuurgemeenskappe" (Barnard, 1981, p. 50).

Die religieuse grondmotief lê alle ander motiewe, byvoorbeeld die sosiale, etiese, asook onderwysmo= tiewe, ensovoorts ten grondslag. Die religieuse grondmotief vorm ook die dryfkrag agter die kultuur= motief van 'n gemeenskap (Stone, 1974, p. 152-153; Schoeman, 1975, p. 19).

Die vraag kan gevra word: Wat vorm die oorsprong van die grondmotief? Die antwoord word gevind in die feit dat die mens 'n wese met 'n "hart" is wat op die Oorsprong (oorsprong) gerig is (vgl. par. 2.3.3). "Geen mens kon hom nog ooit van hierdie fundamentele en primêre gerigtheid van sy diepste persoon, wese of selfheid op God of 'n vermeende god bevry nie" (Van Schalkwyk, 1981, p. 217). Die grondmotief is deel van die wese van 'n mens of ge= meenskap, en kom tot openbaring en is bepalend vir die wyse waarop mense dinge doen. Wanneer 'n ge= meenskap dieselfde grondmotief besit, kan daar van die *gemeenskapsmotief* gepraat word wat daardie hele gemeenskapskultuur lei en bepaal (Van Schalkwyk, 1981, p. 218).

Alle kultuurontwikkeling en -bou, dit wil sê ook alle onderwysstelselontwikkeling vind plaas onder leiding van 'n bepaalde religieuse grondmotief. Volgens Ruperti (1977, p. 5) bepaal die grondmotief die algemene aard en rigting asook die graad en tem= po van kultuurontwikkeling.

Daar bestaan verskeie geestesmagte (grondmotiewe)

wat 'n persoon of gemeenskap wetend of onwetend in beslag kan neem, byvoorbeeld daar kan die Christelike, Moslem- of Boeddhistiese grondmotiewe in 'n gemeen=skap bestaan. Daar is egter ook grondmotiewe werk=saam agter 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing soos die Kommunisme, realisme, pragmatisme, paganis=me of animisme (Barnard, 1981, p. 51).

Die een grondmotief oorheers in die reël die ander in 'n bepaalde gemeenskap. Die Christelike geestes=mag kan 'n bepaalde volkskultuur oorheers, wanneer dié grondmotief sterker en meer dinamies as al die ander werksaam is (Schoeman, 1975, p. 19-20).

'n Volkskultuur (insluitende die onderwysstelsel) word onder leiding van die grondmotiewe, deur ver=skillende bepalende, beperkende en vergestaltende faktore gevorm (Ruperti, 1977, p. 5). Hierdie fak=tore verskil van mens tot mens en volk tot volk en kan onder die modale aspekte van die menslike wese saamgevat word (vgl. par. 2.3.5). Sommige van die faktore tree sterker op die voorgrond as ander by die ontwikkeling van die onderwysstelsel. Selfs by die ontwikkeling van die onderwysstelsel in sommige lande is sekere faktore meer pertinent. Die taal=faktor oefen in Kanada, Switserland en die RSA, by=voorbeeld "'n baie sterker vergestaltende invloed uit as in lande met net een taal" (Ruperti, 1977, p. 5-6).

In paragrawe 4.3 en 4.4 is in die algemeen gewys op die rol wat die kulturele faktor speel in die onder=

wysstelsel. Paragraaf 4.3.2 het in besonder ver=wys na die rol van kultuur in die onderwys van die VSA, terwyl paragrawe 5.4.2 en 5.4.3 aangetoon het hoe die histories kulturele faktor die ontwikkeling van die onderwysstelsel in Suid-Afrika beïnvloed het. In paragraaf 4.5.2 is die historiese beginsel van kultuurdifferensiasie in besonder behandel.

Uiteenlopende religieuse grondmotiewe lei gewoonlik tot onderskeidende kulturele identiteite met gevolg=like verskillende lewens- en wêreldbeskouinge. In die RSA het daar oor meer as driehonderd jaar 'n historiese en organiese groepering van mense plaasge=vind wat dieselfde religieuse geestesmagte as bin=dingselemente gehad het. Die groepe het bepaalde kultuurgemeenskappe in die RSA gevorm, byvoorbeeld die Afrikanervolk en die Kleurling kultuurgemeenskap=pe. Gevolglik is dit 'n oppervlakkige siening wanneer "die differensiasie in die onderwys deur humaniste beperk wil word tot die verskille tussen individue" (Stone, 1974, p. 165). In die onderwys moet rekening gehou word met die dieperliggende grondmotiewe tussen die verskillende taal- en kul=tuurgroepe, sodat kultuurdifferensiasie toegepas sal word.

Die Christelike religieuse grondmotief is die mees dinamiese van alle grondmotiewe (Stone, 1974, p. 166-169). Gemeet aan die tegnologiese, maatskaplike en ander beskawingsprestasies van die Westerse kultuur met sy Christelike religieuse grondmotief, is dit

duidelik dat die kultuur- en beskawingsontwikkeling onder leiding van die Christelike religie, besonder dinamies was (Stone, 1974, p. 161-165).

Die Westerse onderwysstelsel wat oorspronklik deur die Christelike geestesmag aangedryf is, word in alle lande (met ander grondmotiewe) van die wêreld nagevolg, omdat die Westerse onderwys 'n "hoër graad van ontsluiting verteenwoordig as dié wat op 'n paganistiese motief gesteun het" (Ruperti, 1977, p. 5). Ook in die RSA is dit die Blankes wat onder leiding van die Christelike grondmotief, die inisia= tief geneem het vir die onderwysvoorsiening aan die ander kultuurgroepe en nog steeds die leiding neem.

Die Christelik religieuse geestesmag het ook as grondslag kultuurdifferensiasie. Op treffende wyse het J.D. du Toit (Totius) (1944, p. 7-17) die eenheid van Godskepping, maar ook die verskeidenheid daarin aangetoon. Du Toit (1944, p. 7) het dit treffend soos volg saamgevat: "By die skepping van alle dinge dien die Here Hom dus aan as Hammabdil, as Skeiding-maker." Die mens ontvang onder andere spe= sifieke kultuuropdragte waarin differensiasie as be= ginsel opgesluit is, byvoorbeeld in Levitikus 19: 19 word die volk verbied om op een akker twee soorte saad te saai (vgl. ook Deut. 22.9) en om in een kleed twee soorte stof te verweef (vgl. ook Deut. 22: 11). In Deuteronómium 22: 10 kom die opdrag: "Jy mag nie met 'n os en 'n esel tegelyk ploeë nie." In Deuteronómium 22: 5 word die vrou verbied om

mansklere te dra en die man mag op sy beurt geen vrouekiere aantrek nie. Die boodskap lê daarin dat gewaak sal word teen "onnatuurlike vermenging van wat ongelyksoortig is" (Du Toit, 1944, p. 15).

Kortliks kom dit daarop neer dat in die geskape ver=skeidenheid daar altyd onderskeidenheid moet wees, maar elke soort word afsonderlik gehou. Daar moet ordening in die skepping wees. Die Skrif is deur=gaans teen alle onnatuurlike vermenging gekant en daarmee moet rekening gehou word. Dit is ook nie net beperk tot die Mosaïese wette nie, maar wette deur God aan Moses gegee wat skeiding voorgeskryf het. Hierdie skeiding word ook nie in die Nuwe Tes=tament opgehef nie. Die skeiding en verskille tus=sen mense is, byvoorbeeld op die Pinksterdag erken en bevestig. Die dissipels was vervul met die Hei=lige Gees en hulle is in staat gestel om in ander tale te spreek, sodat die toehoorders die dissipels kon verstaan, "want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek" (Hand. 2: 4).

By die toring van Babel is die mens se poging om een gemeenskap te bly deur God self verydel. Deur die taalverwarring het die Here skeiding (differensiasie) gebring tussen mense en hulle oor die aarde versprei (Gen. 11: 1-9).

Die konklusie waartoe gekom kan word, is: die geskie=denis van die onderwysvoorsiening in Suid-Afrika het ontwikkel in die lig van 'n Skriftuurlike grondmotief

van skepping, sondeval en verlossing. Die geskape verskille tussen mense is erken, ook die sondige geneigdheid van mense wat tot botsing tussen die onderskeie kultuurgroepe kan lei, is erken. Daar is eweneens aanvaar dat deur die verlossing in Christus Jesus, die geskape verskeidenheid van mense en kultuurgroepe wel in harmonie kan saamlewe, deur mekaar se andersheid te erken, aanvaar en onderwys aan almal te voorsien in 'n geordende onderwysstel= sel met sy substelsels, waarin die verskillende kul= tuurgroepe in hulle eie spanningsvrye milieus onder= wys kan ontvang.

## 5.6 SAMEVATTING

As gevolg van 'n unieke sameloop sedert 1652 van historiese faktore het 'n Suid-Afrikaanse bevolking met 'n heterogene samestelling ontstaan, sodat daar tans binne die grense van die RSA vier hoofbevolkings= groepe teenwoordig is, naamlik Blankes, Swartes, Kleurlinge en Indiërs. Elkeen van hierdie groepe bestaan weer op sy beurt uit verskeie kultuurgroepe, soos hulle ontwikkel het ooreenkomstig die reli= gieuse grondmotief wat elke onderlinge kultuurgroep ten grondslag lê.

Die kontak tussen die verskillende kultuurgroepe het noodwendig wedersydse beïnvloeding van die onderskeie kulture meegebring. Kultuurverskuiwing en -vermeng= ing het gevolglik voorgekom en vind nog steeds plaas.

Die belangrikste kenmerk van die volksamestelling is die natuurlike ontplooiing van kultuurdifferen=siasie tussen die verskillende bevolkingsgroepe wat geleidelik ook op die onderwysstelsel toegepas is. Gevolglik is die huidige stand van sake dat die on=derwysstelsel van die RSA uit vier substelsels saam=gestel is, naamlik vir Blankes, Swartes, Kleurlinge en Indiërs. Hierdie ontwikkeling en ontplooiing van kultuurdifferensiasie in die onderwys van die RSA is in "ooreenstemming met die Reformatoriese leerstelling van interne soewereiniteit, die erken=ning van die eiesoortigheid en die voortbestaan van die verskillende volke in Suid-Afrika" (Barnard, 1980, p. 1198).

Geen normatiewe gesigspunt kan uit 'n historiese en vergelykende oorsig soos wat in hierdie hoofstuk aangebied is, afgelei word nie, want die *status quo*, die denke en dade van mense (ook op onderwysgebied) is aan die sonde onderworpe, sondegebroke en dus in wese antinormatief. Tog kan, as 'n mens versigtig te werk gaan, uit die onderwysgebeure wat hierbo geskets is, die volgende geldige afleiding gemaak word: in 'n multikulturele land soos die RSA was daar voortdurend die spontane geneigdheid tot kul=tuurdifferensiasie en selfs kultuurisolasie, maar baie selde tot kultuurintegrasie in die onderwys. Ook kan uit die gebeure afgelei word dat religieuse grondmotiewe die aard van kultuurbeoefening en -bewustheid bepaal - en omgekeerd.

In die volgende hoofstuk sal die bevindinge van hierdie navorsing gestel word. Die hoof- en sub=hipoteses sal getoets word en as kriteria en evalue=ringsinstrument vir die evaluering van die RGN-onder=wysverslag gebruik word. Daar sal ook aanbevelings voorgelê, en moontlike navorsingsprojekte aangestip word.